BYBELSE GESKIEDENIS

IN

VRAE EN ANTWOORDE

VIR

KLEINER KINDERS

(6-8 JAAR)

deur

DS. I. J. LESSING

'N WOORD VOORAF

Aan die begin van hierdie eeu was Bybelse vrae-boekies in die Gereformeerde Kerk hier te lande vry algemeen in gebruik. Ou bekendes in hierdie verband is die werkies van J. Borstius, O. Boersma, H. Visscher en ds. L. P. Vorster. Die laaste 30 jaar of langer het hulle van *die* mark af verdwyn sonder enige besondere rede, en wel met groot ongerief vir die katkisant, veral vir die jonger kind wat die feitekennis moet opdoen.

Die bedoeling met hierdie soort boekie is om vir die leerling die feite van die Bybelse Geskiedenis by mekaar te bring sodat hy vlugtige hersiening kan doen wanneer dit nodig is. Opvoedkundig is dit 'n nuttige hulpmiddel by die onderwys, nie as leerboek om die Bybel te vervang nie maar om wat versprei lê kort en saaklik bymekaar te bring op 'n beproefde wyse van onderrig, nl. die vraag- en antwoord-metode.

Omdat die Katkisasiekommissie van die Gemeente Potchefstroom-Noord die waarde van hierdie soort werk besef het, het hy die gedagte daarvan verder gedra in die kerklike kringe met die hoop dat iemand dit sou onderneem. Hierop het ds. I. J. Lessing nou gereageer tot ons aller vreugde. Hy het die saak sistematies aangepak en baie tyd aan die formulering van vraag en antwoord bestee sodat ondergetekende dit met groot vrymoedigheid kan aanbeveel.

By die opstelling van die Katkisasierooster van die Algemene Sinode is die orde van die lesse van klas I by die van die boekie aangepas sodat daardie kinders 'n nuttige handleiding vir die vaslegging van feite sal hê.

Selfs die groter leerlinge kan hiervan goeie gebruik maak by hersiening.

Graag wil ek ook daarop wys dat die laerskool hierdie hulpmiddel baie dienlik kan gebruik om die feitekennis by die leerlinge tuis te bring.

Graag sien die ondergetekende dat hierdie lofwaardige poging van ds. Lessing met die ondersteuning wat dit verdien, bekroon sal word. Gebruik dit maar net eers om uself te oortuig wat die waarde daarvan is.

H. J. J. Bingle.

Potchefstroom.

21 November 1960.

VOORWOORD VAN DIE SKRYWER

Die Klassis Potchefstroom het in 1959 aan sy Deputate vir Katkisasie opgedra om 'n vraeboekie oor Bybelse Geskiedenis vir katkisasiegebruik vir kleiner kinders op te stel. Na aanleiding van hierdie besluit het die ondergetekende onderneem om die boekie op te stel. Die boekie word nie nou deur die Klassis uitgegee nie maar deur die opsteller op sy eie verantwoordelikheid.

Hierdie boekie is opgestel vir katkisasiegebruik en die stof is so gekies dat daar voorsiening gemaak is vir lesse vir die drie jaar wat die kind in klas I is. Vir elke jaar is 'n aantal lesse uit die Ou- en Nuwe Testament gekies. Daarom is daar drie groepe lesse, nl. van 1 tot 35, 36 tot 69 en 70 tot 104, maar elke jaar behoort lesse 103 en 104 ook by die gepaste datums op die lesblad te verskyn. Omdat die lesse vir drie jaar bedoel is, is die hele Bybelse Geskiedenis nie in die boekie saamgevat nie.

Die bedoeling met hierdie boekie is dat dit 'n hulpmiddel moet wees by die leer van die feite van die Bybelse Geskiedenis. Die hoofstuk in die Bybel moet eers geleer word en daarna die vrae en antwoorde. Daar kan natuurlik ook ander en meer vrae oor elke les gestel word.

Kinders van 6 tot 8 jaar stel baie belang in verhale. Daarom is die lesse so gekies dat dit aansluit by hierdie stadium van die ontwikkeling van die kind. Op hierdie leeftyd stel die kinders nog nie die minste belang in die opeenvolging van gebeurtenisse nie. Daarom moet elke les as 'n afsonderlike eenheid beskou word. Dit maak vir die kinders nie die minste saak in watter volgorde die lesse kom nie. Wanneer die kinders ouer word, 9 tot 11 jaar, stel hulle belang in die opeenvolging van die gebeurtenisse. Dit is die werk van klas II, waarvoor 'n ander vraeboekie in die vooruitsig gestel word as daar behoefte daaraan bestaan.

Dit is vir my 'n genoeë om hier my opregte dank en waardering aan prof. dr. H. J. J. Bingle te betuig vir sy v/aardevolle raad by die opstel van hierdie boekie en vir sy aanbevelingswoord. Verder wil ek ook die Deputate vir Katkisasie van die Algemene Sinode bedank dat hulle so vriendelik was om die Lesblad vir 1961 reeds so op te stel dat die lesse vir klas I aanpas by die volgorde van die lesse van hierdie boekie.

Mag die Here in sy genade gee dat die boekie vir ons kindertjies in die katkisasie, by die huis en in die skool tot 'n seën kan wees om hulle kennis van die Bybelse Geskiedenis te vermeerder.

I. J. Lessing. Potchefstroom.

26 November 1960.

BY DIE TWEEDE EN DERDE UITGAWE

Dit stem my tot groot dankbaarheid dat die boekie so gunstig ontvang is dat 'n tweede en derde uitgawe noodsaaklik geword het.

Mag die Here gee dat die boekie nog verder diensbaar kan wees dat ons kindertjies hulle kennis van die Bybelse Geskiedenis kan vermeerder.

I. J. Lessing. Potchefstroom.

28 Januarie 1964 14 Augustus 1970

Inhoudsopgawe

'N WOORD VOORAF ... 2
VOORWOORD VAN DIE SKRYWER ... 3
Inhoudsopgawe ... 4
LES 1 - DIE SKEPPING ... 6
LES 1 - DIE SKEPPING ... 6
LES 2 - KAIN, ABEL EN SET ... 7
LES 3 - DIE SONDVLOED ... 8
LES 4 - ABRAHAM ... 9
LES 5 - ABRAHAM EN ISAK ... 10
LES 6 - JOSEF ... 11
LES 7 - MOSES ... 12
LES 8 - WATER UIT DIE ROTS ... 13
LES 9 - DIE KOPERSLANG ... 14
LES 10 - BILEAM ... 15
LES 11 - JERIGO ... 16
LES 12 - RUT ... 17
LES 13 - ELI EN SAMUEL ... 18
LES 14 - DAWID EN GOLIAT ... 19
LES 15 - ELIA WORD WEGGESTEEK ... 20
LES 17 - DIE GOUE BEELD VAN NEBUKADNESAR ... 22
LES 18 - DANIËL IN DIE LEEUKUIL ... 23
LES 19 - DIE GEBOORTE VAN JESUS CHRISTUS ... 24
LES 20 - DIE WYSE MANNE UIT DIE OOSTE ... 25
LES 21 - DIE BRUILOF IN KANA ... 26
LES 22 - DIE SAAIER ... 27
LES 23 - BETESDA ... 28
LES 24 - DIE SEUN VAN DIE WEDUWEE WORD OPGEWEK ... 29
LES 25 - DIE GADARENERS ... 30
LES 27 - LASARUS ... 32
LES 28 - DIE AFGEDWAALDE SKAAP, VERLORE PENNING ... 33
LES 29 - GETSEMANE ... 34
LES 30 - DIE KRUISIGING ... 35
LES 31 - DIE OPSTANDING ... 36
LES 32 - ANANIAS EN SAFFIRA ... 37
LES 33 - SIMON, DIE TOWENAAR ... 38
LES 34 - ENEAS EN TABITA ... 39
LES 35 - PAULUS, SKIPBREUKELING ... 40
LES 36 - ADAM EN EVA ... 41
LES 37 - DIE SONDEVAL ... 42
LES 38 - NOAG BOU DIE ARK ... 43
LES 39 - JOB ... 44
LES 40 - JAKOB EN ESAU ... 45
LES 41 - JAKOB BY BET-EL ... 46
LES 42 - DIE HERE ROEP MOSES ... 47
LES 43 - ISRAEL TREK DEUR DIE ROOISEE ... 48
LES 44 - SINAI ... 49
LES 45 - SIMSON ... 50
LES 46- DAWID SPAAR SAUL SE LEWE ... 51
LES 47 - DAWID EN DIE ARK ... 52
LES 48 - WYSHEID VAN SALOMO ... 53
LES 49 - ELIA EN DIE PROFETE VAN BAÄL ... 54
LES 50 - NABOT ... 55
LES 51 - ELISA ... 56
LES 52 - ESTER ... 57
LES 53 - NEBUKADNESAR WORD KRANKSINNIG ... 58
LES 54 - KINDERMOORD EN VLUG ... 59
LES 55 - DIE VERSOEKING ... 60

LES 56 - JESUS MAAK DIE STORM STIL 61
LES 57 - DIE VERMEERDERING VAN DIE BRODE 62
LES 58 - DIE KAPTEIN VAN KAPERNAUM 63
LES 59 - DIE RYK MAN EN LASARUS 64
LES 60 - DIE MAN WAT BLIND GEBORE IS 65
LES 61 - DIE VYAND SAAI ONKRUID IN DIE NAG 66
LES 62 - DIE GROOT MAALTYD 67
LES 63 - DIE GENESING VAN DIE TIEN MELAATSE 68
LES 64 - DIE RYK JONG MAN 69
LES 65 - DIE VOETWASSING 70
LES 66 - DIE T1EN JONG ME1SIES 71
LES 67 - DIE APOSTELS IN DIE TRONK 72
LES 68 - FILIPPUS EN DIE KAMERLING 73
Les 69 - CORNELIUS 74
Les 70 - DIE SKEPPING 75
Les 71 - DIE TORING VAN BABEL 76
Les 72 - ABRAHAM, SODOM EN GOMORRA 77
Les 73 - JAKOB BY PNIËL 78
Les 74 - Josef en sy broers 79
Les 75 - DIE PLAE (I) 80
LES 76 - DIE PLAE (II) 81
LES 77 - KWARTELS EN MANNA 82
LES 78 - GOUE KALF 83
LES 79 - DEUR DIE JORDAAN 84
LES 80 - DEBORA 85
LES 81 - GIDEON 86
LES 82 - SAUL SE SONDE 87
LES 83 - DAWID TEL DIE VOLK 88
LES 84 - ELIA EN ELISA 89
LES 85 - JONA 90
LES 86 - JESUS AS KIND 91
LES 87 - JOHANNES DIE DOPER 92
LES 88 - DIE WONDERLIKE VISVANGS 93
LES 89 - JESUS SEËN DIE KINDERTJIES 94
LES 90 - DIE DOGTERTJIE VAN JAÏRUS 95
LES 91 - DIE VERHEERLIKING OP DIE BERG 96
LES 92 - DIE GENESING VAN DIE MAANSIEKE KIND 97
LES 93 - DIE LANDBOUERS 98
LES 94 - DIE TALENTE 99
LES 95 - INTOG IN JERUSALEM 100
LES 96 - DIE MAALTYD IN BETANIË 101
LES 97 - DIE VERLORE SEUN 102
LES 98 - VERSKYNINGE 104
LES 99 - DIE GENESING VAN DIE KREUPELGEBORE MAN 105
LES 100 - STÉFANUS 106
LES 101 - DIE BEKERING VAN PAULUS 107
LES 102 - DIE TRONKBEWAARDER VAN FILIPPI 108
LES 103 - HEMELVAART 109
LES 104 - PINKSTER 110

LES 1 - DIE SKEPPING

(Genesis 1)

1. Wie het die hemel en die aarde geskape?
   God.
2. In hoeveel dae het God alles geskape?
   In ses dae.
3. Wat het God op die eerste dag geskape?
   Die lig.
4. Op die tweede dag?
   Die lug en die wolke.
5. Op die derde dag?
   Die see en die land, die bome en die plante.
6. Op die vierde dag?
   Die son, maan en sterre.
7. Op die vyfde dag?
   Die visse en die voëls.
8. Op die sesde dag?
   Die landdiere en die mens.
9. Wat het God op die sewende dag gedoen?
   Hy het gerus.
10. Hoe was alles wat die Here gemaak het?
    Die Here het alles baie goed gemaak.

LES 2 - KAIN, ABEL EN SET

(Genesis 4)

1. Het Adam en Eva kinders gehad?

   Ja, hulle het seuns en dogters gehad.

2. Hoe was die twee oudste seuns se name?

   Kain en Abel.

3. Wat was Kain se werk?

   Hy was 'n saaiboer.

4. En wat was Abel se werk?

   Hy was 'n veeboer.

5. Wat het Kain vir die Here geoffer?

   Van die vrugte van sy land.

6. Wat het Abel geoffer?

   Hy het van die beste van sy kleinvee geoffer.

7. Waarom was Kain jaloers op Abel?

   Omdat die Here Abel se offer aangeneem het en syne nie.

8. Hoe het hulle geweet dat die Here Abel se offer aangeneem het?

   Die Here het dit vir hulle gesê.

9. Wat het Kain met sy broer gedoen?

   Hy het hom doodgeslaan.

10. Wat het Kain geantwoord toe die Here hom gevra het waar sy broer is?

    Hy het gesê: Is ek my broer se wagter?

11. Wat het die Here met Kain gedoen?

    Hy het hom vervloek.

12. Wat het Kain daarna gesê?

    Elkeen wat my kry sal my doodslaan.

13. Wat het die Here toe aan Kain gedoen?

    Die Here het 'n teken aan hom gegee, sodat elkeen wat hom kry, hom nie moet doodslaan nie.

14. Hoe was Kain se kinders?

    Hulle was goddeloos.

15. Watter seun het die Here vir Adam en Eva in Abel se plek gegee?

    Set.

16. Hoe was Set se kinders?

    Hulle was godvresend.

LES 3 - DIE SONDVLOED

(Genesis 7 en 8)

1. Wat is 'n sondvloed?
   Dit is baie water op die aarde.
2. Het al die mense en diere met die sondvloed verdrink?
   Net die wat in die ark was, het nie verdrink nie.
3. Hoe lank het die Here laat reën?
   Veertig dae en nagte lank.
4. Hoe hoog was die waters bo op die aarde?
   Vyftien el bokant die hoogste berge.
5. Wat het van die ark geword?
   Die ark het op die water gedrywe.
6. Hoe lank was Noag in die ark?
   'n Jaar en tien dae.
7. Wat het Noag gedoen om uit te vind of die waters op die aarde sak?
   Toe die toppe van die berge sigbaar word, het hy 'n kraai uitgestuur.
8. Wat het hy daarna uitgestuur?
   'n Duif, maar die duif het geen rusplek vir sy voet gevind nie en teruggevlieg ark toe.
9. Wat het hy toe na sewe dae uitgestuur?
   Weer 'n duif, wat 'n groen olyftak in sy bek teruggebring het.
10. Waarom het die derde duif wat Noag uitgestuur het nie teruggekom nie?
    Die aarde was al afgedroë en hy het plek gehad om te bly.
11. Wat het Noag gedoen nadat hy uit die ark gegaan het?
    Hy het 'n altaar gebou en vir die Here 'n offer gebring.
12. Wat het die Here met Noag opgerig?
    'n Verbond.
13. Wat was die teken van die verbond wat die Here vir Noag gegee het?
    Die reënboog.
14. Wat het die teken vir Noag beteken?
    Dat die Here die wêreld nie weer met water sal laat vergaan nie.
15. Waarom het die Here Gam se seun Kanaän vervloek?
    Omdat Gam vir sy vader gespot het.
16. Waarom het Gam vir sy vader gespot?
    Omdat hy dronk was en al sy klere uitgetrek het.

LES 4 - ABRAHAM

(Genesis 12)

1. Wat het die Here vir Abraham gesê?

   Gaan uit jou land en jou familie na die land wat Ek jou sal wys.

2. Wie was Abraham se vrou?

   Sara.

3. Watter belofte het die Here aan Abraham gegee?

   Hy sal 'n groot volk word en uit sy nageslag sal Jesus gebore word.

4. Watter land het die Here aan Abraham belowe?

   Die land Kanaän.

5. Het Abraham die beloftes van die Here geglo?

   Ja.

6. Waarheen het Abraham getrek toe daar hongersnood in die land gekom het?

   Na Egipteland toe.

7. Wat het Abraham vir Sara gesê om vir die Egiptenaars te sê as hulle vra of sy Abraham se vrou is?

   Sy moes sê sy is Abraham se suster.

8. Waarom moes sy so sê?

   Omdat Abraham bang was dat hulle hom sou doodmaak en sy vrou vat.

9. Hoe het Farao agtergekom dat Sara Abraham se vrou is?

   Die Here het plae oor Farao en sy huis laat kom.

10. Wat het Farao met Abraham gedoen?

    Hy het Abraham weggestuur uit sy land.

LES 5 - ABRAHAM EN ISAK

(Genesis 22)

1. Watter belofte het die Here aan Abraham en Sara gegee toe hulle al oud was?

   Dat hulle 'n seun sal hê.

2. Het hulle die belofte geglo?

   Abraham het dit geglo, maar Sara het dit nie dadelik geglo nie.

3. Hoe was die seun se naam ?

   Isak.

4. Wat het die Here vir Abraham gesê om met Isak te doen?

   Hy moes hom op die berg Moira gaan offer.

5. Was Abraham gehoorsaam?

   Ja, hy het gegaan.

6. Wat het Isak langs die pad vir Abraham gevra?

   Hier is die vuur en die hout, maar waar is die lam vir die brandoffer?

7. Wat het Abraham geantwoord?

   Die Here sal dit voorsien.

8. Het Abraham vir Isak geoffer?

   Net toe Abraham die mes wou vat om Isak te slag, het die Here vir hom gesê om dit nie te doen nie.

9. Wat het die Here nog meer vir Abraham gesê?

   Nou weet die Here dat hy God vrees en sy enigste seun van Hom nie teruggehou het nie.

10. Wat is in Isak se plek geoffer?

    'n Ram.

11. Watter belofte het die Here aan Abraham gegee omdat hy so gehoorsaam was?

    Die Here sal hom seën en 'n groot volk maak en Jesus sal uit sy nageslag gebore word.

LES 6 - JOSEF

(Genesis 37)

1. Hoeveel kinders het Jakob gehad?

   Twaalf seuns en een dogter.

2. Waarom het die broers vir Josef gehaat?

   Sy vader het hom baie liefgehad, en hy het besondere drome gehad.

3. Wat het hy gedroom?

   Sy gerf het regop op die land gaan staan en sy broers se gerwe het voor syne gebuig.

4. Watter ander droom het hy ook gehad?

   Die son en die maan en elf sterre het voor hom gebuig.

5. Wat het sy broers met hom gedoen?

   Hulle het hom verkoop.

6. Waarheen is hy weggebring?

   Na Egipte toe.

7. Wat het hy daar gedoen?

   Hy het by Potifar gewerk.

8. Waarom is hy in die tronk gesit?

   Potifar se vrou het hom vals beskuldig.

9. Wie se drome het hy uitgelê?

   Die drome van die skinker en die bakker van Farao.

10. Wat het die skinker gedroom?

    Daar was drie lote met druiwe. Hy het die druiwe in Farao se beker uitgedruk.

11. Wat beteken die droom?

    Oor drie dae sal hy weer in Farao se diens wees.

12. Wat het die bakker gedroom?

    Daar was drie mandjies met witbrood op sy kop. In die boonste mandjie was allerhande eetgoed, en die voëls het dit opgepik.

13. Wat beteken die droom?

    Oor drie dae sal sy kop afgekap word.

14. Het alles gebeur soos Josef gesê het?

    Ja.

15. Hoe het Josef uit die tronk gekom?

    Hy het Farao se drome uitgelê, en Farao het hom laat uitgaan.

LES 7 - MOSES

(Exodus 2)

1. Hoe het dit met die Israeliete in Egipte gegaan?
   Eers is hulle goed behandel, maar later is hulle swaar verdruk.
2. Wie het die Here gegee om hulle te verlos? .
   Moses.
3. Wie was Moses se ouers?
   Amram en Jogébed.
4. Wat beteken Moses?
   Uit die water gehaal.
5. Waarom het sy moeder hom in die water gesit?
   Omdat sy hom nie langer as drie maande kon wegsteek nie.
6. Waarom het sy hom weggesteek?
   Omdat Farao al die seuntjies van die Israeliete laat doodmaak het.
7. Wie het Moses uit die water gehaal?
   Die koning se dogter.
8. Wat het Moses gedoen toe hy groot was?
   Hy het 'n Egiptenaar doodgeslaan.
9. Waarheen het hy toe gevlug?
   Hy het na Midian gevlug en veertig jaar daar gebly.
10. Wat het Moses in Midian gedoen?
    Hy het skape opgepas.
11. Hoe was sy vrou se naam?
    Sippora.
12. Hoe was sy oudste seun se naam?
    Gersom.
13. Wat beteken die naam?
    'n Vreemdeling in 'n vreemde land.

LES 8 - WATER UIT DIE ROTS

(Exodus 15:22-27 en 11; 1-7)

1. Wat het by Mara gebeur?

   Die water was so bitter dat die Israeliete dit nie kon drink nie.

2. Hoe lank was hulle toe sonder water?

   Drie dae.

3. Wat het hulle vir Moses gesê?

   Wat moet ons drink?

4. Hoe het die water drinkbaar geword?

   Moses het 'n stuk hout in die water gegooi.

5. Wie het gesê hy moet dit doen?

   Die Here.

6. Wat was by Elim?

   Twaalf fonteine en sewentig palmbome.

7. Wat het die Israeliete daar gedoen?

   Hulle het daar laer opgeslaan en gerus.

8. Waarom het die volk by Rafidim met Moses getwis?

   Omdat daar nie water was nie.

9. Wat het hulle vir Moses gesê?

   Waarom het hy hulle uit Egipte laat trek om hulle van dors te laat doodgaan?

10. Wat het Moses gedoen as die volk so ontevrede is?

    Hy het die Here aangeroep.

11. Wat het die Here vir Moses gesê?

    Hy moet op 'n rots slaan en daar sal water uitkom.

12. Hoe het hulle daardie plek genoem?

    Massa en Meriba.

LES 9 - DIE KOPERSLANG

(Numeri 21 : 4-9)

1. Waaroor het die volk teen Moses geklae?

   Dat hulle nie brood en water het nie.

2. Het die Here dan nie meer vir hulle manna gegee nie?

   Ja, die Here het dit nog gegee, maar hulle het gesê dit is slegte kos.

3. Teen wie was hulle eintlik opstandig?

   Teen die Here.

4. Hoe het die Here hulle gestraf?

   Die Here het giftige slange onder hulle gestuur, wat hulle gebyt het, en baie het doodgegaan.

5. Wat het die volk vir Moses gevra?

   Hy moet vir hulle bid omdat hulle gesondig het.

6. Wat het die Here vir Moses gesê?

   Hy moet 'n slang van koper maak en dit op 'n paal sit.

7. Wat sal dan gebeur?

   As 'n slang iemand byt en hy kyk na die koperslang, dan sal hy lewe.

8. Wat het hulle met die koperslang gemaak nadat die plaag opgehou het?

   Hulle het dit saam met hulle gevat Kanaän toe.

9. Na wie wys die koperslang vir ons?

   Na die Here Jesus, wat aan die kruis gehang het.

LES 10 - BILEAM

(Numeri 22)

1. Wat wou Balak hê dat Bileam met die Israeliete moes doen?

   Hy moes hulle vervloek.

2. Wat sou Balak vir Bileam gee as hy dit doen?

   Hy sou vir hom baie geld gee.

3. Wat het die Here vir Bileam gesê?

   Hy mag die Israeliete nie gaan vervloek nie.

4. Wat het die Here vir Bileam gesê toe Balak hom die tweede maal laat roep het?

   Hy kan saam met Balak se mense gaan, maar hy mag niks anders sê as wat die Here vir hom voorsê nie.

5. Vir wie het die esel in die pad sien staan?

   Die Engel van die Here met 'n uitgestrekte swaard in sy hand?

6. Wat doen die esel toe?

   Sy het uitgedraai in die veld, en Bileam het haar geslaan.

7. Waar het die Engel van die Here toe gaan staan?

   Tussen twee mure, en toe druk die esel Bileam se voet teen die muur vas en Bileam slaan haar.

8. Waar het die Engel van die Here die derde maal gaan staan?

   Op 'n nou plek waar die esel nie kon uitdraai nie.

9. Wat het die esel toe gedoen?

   Sy het gaan lê, en Bileam het haar weer geslaan.

10. Wat gebeur daarna?

    Die Here het die esel se bek oopgemaak en sy vra vir Bileam waarom hy haar slaan.

11. Het Bileam dan nie die Engel gesien nie?

    Eers het hy die Engel van die Here nie gesien nie, maar die Here het sy oë oopgemaak sodat hy Hom kon sien.

12. Waar het Balak vir Bileam heen geneem?

    Na 'n hoë plek sodat hy die Israeliete kon sien.

13. Hoeveel maal het Bileam die Israeliete geseën?

    Drie maal.

14. Wat het Balak daarvan gesê?

    Hy was baie kwaad en het Bileam weggejaag.

15. Wat het Bileam toe vir Balak gesê?

    Al gee Balak hom sy huis vol silwer en goud, kan hy niks anders sê as wat die Here hom voorsê nie.

LES 11 - JERIGO

(Josua 6 en 7)

1. Wat is die eerste stad wat die kinders van Israel in Kanaän ingeneem het?
   Jerigo.
2. Hoe met hulle die stad ingeneem?
   Die Here het die mure laat omval.
3. Hoe het die Here die mure laat omval?
   Ses dae lank moes hulle elke dag een maal om die stad loop.
4. Wat moes hulle op die sewende dag doen?
   Sewe maal om die stad loop en dan op die basuine blaas. Dan sal die mure omval.
5. Wat het hulle met die stad gemaak?
   Hulle het dit verbrand.
6. Wat het hulle met die mense gemaak?
   Hulle het hulle doodgemaak, behalwe vir Ragab en haar huisgesin.
7. Waarom is Ragab nie doodgemaak nie?
   Sy het die spioene weggesteek.
8. Waarom het hulle die stad verbrand en die mense doodgemaak?
   Omdat die Here so gesê het.
9. Wie het van die goed van Jerigo gesteel?
   Agan.
10. Wat het hy gesteel?
    'n Mooi mantel, 'n goudstaaf en geld.
11. Waar het hy dit weggesteek?
    Hy het dit in sy tent begrawe.
12. Wie het geweet dat hy dit gesteel het?
    Die Here.
13. Hoe is hy gestraf?
    Hy en alles wat hy het, is eers met klippe doodgegooi en toe verbrand.

LES 12 - RUT

(Rut 1)

1. Waarom het Elimeleg en Naomi na Moab getrek?
   Omdat daar hongersnood in hulle land was.
2. Met wie het hulle seuns getrou?
   Met Orpa en Rut.
3. Wat het met Elimeleg en sy seuns gebeur?
   Hulle het in die vreemde land gesterwe.
4. Wat het Naomi na die dood van haar man gedoen?
   Sy het teruggegaan na haar land.
5. Wat het sy vir haar twee skoondogters gesê?
   Hulle moet by hulle mense in hulle land bly.
6. Het hulle dit gedoen?
   Orpa het gebly, maar Rut het saam met Naomi gegaan.
7. Wat het Rut vir Naomi gesê?
   U volk is my volk, en u God is my God.
8. Op wie se land het Rut are opgetel?
   Op Boas se land.
9. Waarom het sy are gaan optel?
   Omdat sy en Naomi arm was en nie kos gehad het nie.
10. Met wie het Rut getrou?
    Met Boas.
11. Wie is uit die geslag gebore?
    Die Here Jesus.

LES 13 - ELI EN SAMUEL

(1 Samuel 1-3)

1. Wie was Eli?

   Hy was 'n hoëpriester.

2. Hoe was sy seuns se name?

   Hofni en Pinehas.

3. Hoe het die seuns hulle gedra?

   Hulle was deugniete.

4. Het Eli hulle nie bestraf nie?

   Hy het net vir hulle gesê hulle moet nie so maak nie.

5. Hoe het die Here hulle gestraf?

   Eli en sy seuns is op een dag dood.

6. Watter seun het ook by Eli grootgeword?

   Samuel.

7. Wie se seun was hy?

   Hanna en Elkana se seun.

8. Wat beteken Samuel se naam?

   Van die Here gebid.

9. Waarom was sy naam so?

   Sy moeder het nie kinders gehad nie, en sy het vir die Here gebid vir 'n kindjie.

10. Wat het die Here in Samuel se tyd gedoen?

    Die Here het aan Samuel verskyn en met hom gepraat.

11. Wat het die volk vir Samuel gevra toe hy oud geword het?

    Hulle wil 'n koning hê.

LES 14 - DAWID EN GOLIAT

(1 Samuel 17)

1. Watter werk het Dawid gedoen toe hy jonk was?
   Hy het skape opgepas.
2. Wat het hy gedoen toe hy skape opgepas het?
   Hy het 'n leeu en 'n beer doodgemaak wat die skape wou vang.
3. Waarheen het sy vader hom eendag gestuur?
   Na sy broers wat op kommando was.
4. Wat het Dawid daar in die laer gesien?
   'n Groot Filistyn wat die Here vloek en die Israeliete uitdaag om met hom te veg.
5. Wat was die Filistyn se naam?
   Goliat.
6. Wie het teen hom gaan veg?
   Dawid.
7. Waarmee het Dawid teen die reus gaan veg?
   Met 'n slingervel en vyf klippies en sy kierie.
8. Waarmee wou Goliat teen Dawid gaan veg?
   Hy het ysterklere aangehad en 'n groot swaard en 'n spies in sy hand.
9. Wat het Goliat vir Dawid gesê?
   Is ek dan 'n hond dat jy met stokke na my toe kom?
10. Wat het Dawid geantwoord?
    Hy het gesê: Ek kom na jou toe in die naam van die Here, wat jy uitgedaag het.
11. Hoe het Dawid vir Goliat oorwin?
    Hy het hom met 'n klip in sy voorkop gegooi sodat hy op die grond geval het.
12. Wat het Dawid toe gedoen?
    Hy het Goliat met sy eie swaard doodgemaak.
13. Wat het die Filistyne gedoen toe hulle sien dat Goliat dood is?
    Hulle het almal gevlug.

LES 15 - ELIA WORD WEGGESTEEK

(1 Konings 17)

1. Wie was Elia?

   Hy was 'n profeet van die Here.

2. Na wie het die Here hom gestuur?

   Na koning Agab.

3. Wat het hy vir Agab gaan sê?

   Dit sal vir drie jaar en ses maande nie reën nie.

4. Wat het Agab gedoen toe dit baie droog was?

   Hy het orals na Elia laat soek.

5. Het hy hom gekry?

   Nee.

6. Waarom nie?

   Omdat die Here hom by die spruitjie Krit weggesteek het.

7. Waar het Elia kos gekry?

   Die kraaie het smôrens en saans vir hom brood en vleis gebring.

8. Wat het hy gedoen toe die spruit opgedroog het?

   Die Here het hom na 'n weduwee in Sarfat gestuur.

9. Was sy baie ryk?

   Nee, sy het net 'n handvol meel gehad en 'n bietjie olie in die kan.

10. Wat het Elia vir haar gesê?

    Sy moet eers vir hom 'n broodkoekie maak, en dan kan sy vir haar en haar seun iets maak om te eet.

11. Waarvan moes sy dit maak?

    Van daardie bietjie meel en olie.

12. Was dit dan genoeg?

    Ja, die meel en die olie het nie minder geword nie.

13. Wat het met die seun van die vrou gebeur?

    Hy het siek geword en dood gegaan.

14. Wat het Elia toe gedoen?

    Hy het gebid dat die Here die kind weer lewendig moet maak.

15. Het dit gebeur?

    Ja.

LES 16 - NAÄMAN EN GEHASI

(2 Konings 5)

1. Wie was Naäman?

   Hy was 'n generaal wat melaats was.

2. Hoe het sy diensmeisie gesê, wie sal hom gesond maak?

   Elisa, die profeet van die Here.

3. By wie het Naäman uitgekom?

   By die koning van Israel.

4. Wat het Elisa vir die koning van Israel laat weet?

   Die koning moet Naäman na hom toe stuur.

5. Wat het Elisa met Naäman gedoen?

   Hy het vir Naäman laat weet hy moet hom sewe maal in die Jordaan was.

6. Wou Naäman dit graag doen?

   Nee, hy was baie kwaad; hy het gesê in sy land is beter riviere as die Jordaan.

7. Wat het sy dienaars vir hom gesê toe hy naby die Jordaan kom?

   As Elisa gesê het hy moet 'n groot ding doen, sou hy dit gedoen het. Hy moet hom tog maar was.

8. Wat het gebeur toe hy hom was?

   Hy het gesond geword.

9. Wat het hy daarna gedoen?

   Hy het vir Elisa gaan sê dat hy nou weet dat daar net in Israel 'n God is.

10. Wat wou hy vir Elisa gee?

    'n Geskenk.

11. Wou Elisa dit aanneem?

    Nee.

12. Wat het Naäman saamgeneem na sy land?

    'n Vrag grond om vir die Here 'n altaar te bou.

13. Wat het Gehasi vir Naäman gaan vra toe hy al weer op sy pad terug was?

    Hy het gesê Elisa het hom gestuur om geld en klere te vra vir die twee arm profeteseuns wat daar gekom het.

14. Was dit die waarheid?

    Nee, dit was 'n leuen.

15. Wat het Elisa vir Gehasi gesê toe hy teruggekom het?

    Hy het gesien waarheen hy gegaan het.

16. Wat was Gehasi se straf?

    Die melaatsheid van Naäman het op hom gekom.

LES 17 - DIE GOUE BEELD VAN NEBUKADNESAR

(Daniël 3)

1. Wat het Nebukadnesar laat maak?

   'n Groot goue beeld wat almal moes aanbid.

2. Wat sou gedoen word met die wat die beeld nie aanbid nie?

   Hulle sou in 'n vuuroond gegooi word.

3. Het almal die beeld aanbid?

   Nee, drie Jode, Sadrag, Mesag en Abednego het dit nie gedoen nie.

4. Wat het Nebukadnesar vir hulle gesê?

   Hy sou hulle nog 'n kans gee om die beeld te aanbid.

5. Het hulle dit toe gedoen?

   Nee, hulle wou nog nie.

6. Wat sê Nebukadnesar toe?

   Hy het gesê die oond moet vir die drie sewe maal warmer gemaak word as wat nodig is.

7. Wat het gebeur met die mense wat hulle in die oond gegooi het?

   Die oond was so warm dat hulle doodgebrand het.

8. Hoeveel manne het Nebukadnesar in die oond gesien?

   Vier manne.

9. Wie was die vierde een?

   Dit was 'n engel wat die drie beskerm het.

10. Wat het Nebukadnesar vir hulle gesê?

    Hulle moet uit die oond kom.

11. Het hulle iets oorgekom in die oond?

    Hulle het niks oorgekom nie; hulle klere het nie eens geskroei nie.

12. Watter bevel het Nebukadnesar toe gegee?

    Dat niemand oneerbiedig van die Here mag spreek nie.

LES 18 - DANIËL IN DIE LEEUKUIL

(Daniël 6)

1. Wat het koning Darius met Daniël gedoen?

   Hy het hom as eerste minister oor sy hele koninkryk aangestel.

2. Was die ander ministers daarmee tevrede?

   Nee, hulle het na 'n aanklag teen Daniël gesoek.

3. Kon hulle rede kry vir 'n aanklag teen hom?

   Nee, hulle kon niks kry nie.

4. Watter plan het hulle toe uitgedink?

   Hulle het gevra dat die koning 'n wet moet maak dat die mense in dertig dae net vir die koning iets mag vra.

5. Wat sal gebeur met die een wat van iemand anders iets sal vra?

   Hy moet in 'n leeukuil gegooi word.

7. Wat het Daniël gedoen?

   Hy het elke dag drie maal op sy knieë geval en vir die Here gebid.

8. Wat het die koning gesê toe die ander Daniël verkla het?

   Hy was baie hartseer en het probeer om Daniël te help, maar hy kon nie.

9. Wat is toe met Daniël gedoen?

   Hy is in die leeukuil gegooi.

10. Het die leeus hom verskeur?

    Nee, 'n engel het die bekke van die leeus toegesluit.

11. Wat het die koning die volgende môre gedoen?

    Toe hy sien dat Daniël lewe, het hy hom uit die leeukuil laat optrek.

12. Wat is met Daniël se aanklaers gedoen?

    Hulle is almal in die leeukuil gegooi.

13. Wat het die leeus met hulle gedoen?

    Die leeus het hulle verskeur.

LES 19 - DIE GEBOORTE VAN JESUS CHRISTUS

(Lukas 1 : 26-38; 2 ; 1-20)

1. Wat het die engel Gabriël vir Maria gesê?

   Sy sal 'n Seun hê en sy moet Hom Jesus noem.

2. Wat beteken die naam Jesus?

   Dit beteken Saligmaker want Hy sal sy volk van hulle sondes verlos.

3. Waar het Josef en Maria gewoon?

   In Nasaret.

4. Waar is die Here Jesus gebore?

   In Betlehem in 'n stal.

5. Waarom is Hy in Betlehem gebore?

   Omdat die Here dit gesê het.

6. Hoe het Josef en Maria in Betlehem gekom?

   Keiser Augustus het 'n volkstelling gehou en toe moes hulle na Betlehem gaan om hulle name daar te laat inskrywe.

7. Wat het Maria met die Here Jesus gemaak?

   Sy het Hom in doeke toegedraai en in die krip neergelê.

8. Aan wie het die engele daardie nag vertel dat die Here Jesus gebore is?

   Aan die skaapwagters in die veld van Betlehem.

9. Wat het die engele gesing?

   Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae.

10. Wat het die skaapwagters gedoen?

    Hulle het na Betlehem gegaan en Maria en Josef en die Kindjie gevind.

11. Wat het die skaapwagters gedoen toe hulle teruggegaan het?

    Hulle het God geprys oor alles wat hulle gehoor en gesien het.

LES 20 - DIE WYSE MANNE UIT DIE OOSTE

(Matthéüs 2:1-12)

1. Wie het gaan soek na die Koning van die Jode wat gebore is?

   Wyse manne uit die Ooste.

2. Hoe het hulle geweet dat daar 'n Koning van die Jode gebore is?

   Hulle het sy ster in die Ooste gesien.

3. Wie is die Koning van die Jode wat gebore is?

   Die Here Jesus.

4. Waar het hulle na die Koning gaan soek?

   In Jerusalem, by Herodes.

5. Het Herodes geweet waar die Koning is?

   Nee, maar hy het ondersoek laat instel.

6. Wie kon hom dit sê?

   Die owerpriesters en skrifgeleerdes van die volk.

7. Hoe het hulle dit geweet?

   Hulle het dit in die Bybel gelees.

8. Wat het Herodes vir die wyse manne gesê?

   Hulle moet die Kindjie gaan soek en vir hom sê as hulle Hom kry.

9. Hoe het hulle die plek gekry waar die Here Jesus was?

   Die ster het voor hulle uitgegaan en bokant die plek bly staan waar die Here Jesus was.

10. Wat het die wyse manne gedoen toe hulle by die Kindjie kom?

    Hulle het Hom aanbid en geskenke gegee.

11. Wat het hulle vir Hom gegee?

    Goud en wierook en mirre.

12. Het hulle vir Herodes gaan sê waar die Koning is?

    Nee.

13. Waarom nie?

    Die Here het vir hulle in 'n droom gesê om dit nie te doen nie, want Herodes wou die Kindjie doodmaak.

LES 21 - DIE BRUILOF IN KANA

(Johannes 2 :1-12)

1. Waar het die Here Jesus sy eerste wonder gedoen?

   Op 'n bruilof in die dorpie Kana in Galilea.

2. Wie was ook uitgenooi na die bruilof?

   Die Here Jesus, sy moeder en sy dissipels.

3. Wat het sy moeder daar vir Hom gesê?

   Die wyn is gedaan.

4. Wat het Hy vir sy moeder gesê?

   Sy Vader sal vir Hom sê wanneer Hy wonders moet doen.

5. Wat het Jesus toe gedoen?

   Hy het vir die dienaars gesê: Maak die waterkanne vol water.

6. Hoeveel kanne was daar?

   Ses.

7. Waarvoor was die kanne gebruik?

   Vir waswater vir die mense.

8. Wat het Jesus gesê toe die kanne vol water is?

   Skep nou uit en bring dit vir die man wat aan die hoof van die troue was.

9. Wat was dit toe?

   Dit was goeie wyn.

10. Wat het die man wat aan die hoof van die troue was van die wyn gesê?

    Elke mens sit eers die goeie wyn op en later die slegte; maar die bruidegom het die goeie wyn eers gebêre.

LES 22 - DIE SAAIER

(Mattheüs 13:1-23)

1. Wat het die Here Jesus vir die mense van die saaier vertel?
   'n Saaier het uitgegaan om te saai.
2. Waar het een deel van die saad geval?
   Langs die pad.
3. Wat het daarvan geword?
   Die voëls het gekom en dit opgeëet.
4. Waar het 'n ander deel geval?
   Dit het op klipperige plekke geval, waar nie baie grond was nie.
5. Wat het van hierdie saad geword?
   Dit het dadelik opgekom, maar die son het dit geskroei en dit het verdroog.
6. Waar het 'n ander deel van die saad geval?
   Dit het in die dorings geval.
7. En toe?
   Die dorings het opgekom en dit toegegroei.
8. Waar het nog 'n deel van die saad geval?
   In die goeie grond.
9. Wat het hiervan geword?
   Dit het gegroei en vrug opgelewer.
10. Hoeveel het dit opgelewer?
    Party honderd maal, ander sestig maal en nog ander dertig maal soveel as wat dit was.
11. Wie is die saaier?
    Die Here.
12. Wat is die saad wat gesaai word?
    Dit is die Woord van die Here.
13. Wat is die grond waar die saad val?
    Dit is die harte van die mense wat die Woord van die Here hoor.
14. Hoe is die harte van die mense?
    Party is hard soos 'n pad; party luister net vir 'n rukkie.
15. Wat is die saad wat in goeie grond gesaai word?
    Dit is die mense wat na die Here luister.

LES 23 - BETESDA

(Johannes 5 :1-15)

1. Wat was by Betesda?

   'n Bad waar siek mense gesond geword het.

2. Hoe het die mense daar gesond geword?

   'n Engel het op bepaalde tye die water in die bad geroer, en die sieke wat dan eerste in die water kom, het gesond geword.

3. Van watter siektes is die mense genees?

   Van enige siekte.

4. Het almal 'n kans gekry om in die bad te kom?

   Nee, daar was 'n sekere man wat niemand gehad het om hom in die bad te help nie.

5. Wou ander mense hom dan nie help nie?

   Ja, maar dan is daar iemand anders voor hom in die bad; dan word hy nie gesond nie.

6. Hoe lank was die man al siek?

   Agt-en-dertig jaar.

7. Wat het die Here Jesus vir hom gevra?

   Hy het hom gevra: Wil jy gesond word?

8. Wat het hy gesê?

   Hy het niemand om hom te help om in die bad te kom nie.

9. Wat het die Here toe vir hom gesê?

   Staan op, neem jou bed op en loop,

10. Hoe kon die man sy bed dra?

    Dit was lig; dit was 'n matjie waarop hy gelê het.

11. Op watter dag het die Here die man gesond gemaak?

    Op die Sabbat; dit is Sondag.

12. Was almal bly dat die man wat so lank siek was, gesond is?

    Nee, die Jode was kwaad. Hulle het gesê hy mag nie sy bed op die Sabbat dra nie.

LES 24 - DIE SEUN VAN DIE WEDUWEE WORD OPGEWEK

(Lukas 7:11-17)

1. Wat het die Here Jesus by Nain gesien?

   Dat die enigste seun van 'n weduwee uitgedra word om begrawe te word.

2. Wat het Hy vir die moeder gesê?

   Sy moenie huil nie, want Hy het innig jammer vir haar gevoel.

3. Wat het gebeur toe Hy die baar aanraak?

   Die draers het gaan staan.

4. Wat sê Hy toe?

   Jongman, Ek sê vir jou, staan op.

5. Wat het daarna gebeur?

   Die dooie het regop gaan sit en begin praat, en hulle het hom aan sy moeder teruggegee.

6. Wat het die mense gesê?

   Hulle het die Here geprys en gesê: 'n Groot profeet het onder ons opgestaan.

7. Het die mense vir ander vertel wat die Here gedoen het?

   Ja, hulle het dit in die hele omtrek vertel.

LES 25 - DIE GADARENERS

(Markus 5 :1-20)

1. Wat het in die land van die Gadareners gebeur?

   'n Man met 'n onreine gees het die Here tegemoet gekom.

2. Waar het die man gebly?

   Hy het in die grafte gebly.

3. Kon die mense hom vasbind?

   Nee, hy was baie sterk en het kettings gebreek en voetboeie stukkend geruk.

4. Wat het hy vir die Here Jesus gesê?

   Wat het ek met U te doen, Jesus, Seun van die allerhoogste God? Ek besweer U by God om my nie te pynig nie.

5. Wat het die Here gesê?

   Hy het gesê: Onreine gees, gaan uit die man uit.

6. Wat was die man se naam?

   Legio, want daar was baie onreine geeste in hom.

7. Wat het die onreine geeste vir die Here gevra?

   Om in 'n groot trop varke te vaar.

8. Hoeveel varke het daar teen die berg gewei?

   Omtrent tweeduisend.

9. Wat het die onreine geeste met die varke gemaak?

   Hulle het die varke van die krans af in die see laat storm, en hulle het verdrink.

10. Wat het die wagters toe gedoen?

    Hulle het in die stad gaan vertel dat die varke verdrink het.

11. Wat het die mense vir die Here gevra?

    Dat Hy van hulle af moet weggaan.

12. Wat het van die man geword?

    Hy was heeltemal gesond.

13. Wat wou hy doen?

    Hy wou saam met die Here gaan.

14. Het die Here dit toegelaat?

    Nee, die Here het gesê hy moet daar bly en vir die ander mense vertel wat die Here aan hom gedoen het.

LES 26 - DIE ONBARMHARTIGE SKULDEISER

(Mattheüs 18:23-35)

1. Wat het gebeur toe 'n koning met sy diensknegte afgereken het?

   Hulle moes hulle skuld betaal.

2. Hoeveel het een van hulle geskuld?

   Tienduisend talente.

3. Kon hy dit betaal?

   Nee.

4. Wat moes met hom gedoen word?

   Hy en sy vrou en kinders en alles wat hy het moes verkoop word.

5. Wat het die dienskneg gevra?

   Hy het uitstel gevra; dan sou hy alles betaal.

6. Wat het die koning geantwoord?

   Hy het hom baie jammer gekry en alles kwytgeskeld.

7. Wat sien die dienskneg toe hy buitekant kom?

   Hy sien 'n ander dienskneg wat aan hom honderd pennings skuld.

8. Wat sê hy vir die dienskneg?

   Betaal my wat jy skuld.

9. Wat vra die dienskneg?

   Hy het uitstel gevra; dan sal hy alles betaal.

10. Het hy uitstel gekry?

    Nee, maar hy is in die tronk gegooi.

11. Wat het die ander diensknegte daarna gedoen?

    Hulle het alles vir die koning gaan vertel.

12. Wat het die koning met die eerste dienskneg gedoen?

    Hy het hom laat roep en vir hom gesê: Jou slegte dienskneg, jy moes jou mede-dienskneg ook barmhartig gewees het.

13. Wat word met die slegte dienskneg gedoen?

    Hy is aan die pynigers oorgegee totdat hy alles betaal het.

14. Waarom?

    Omdat hy sy mededienskneg nie vergewe het nie.

LES 27 - LASARUS

(Johannes 11 :1-45)

1. By wie het die Here Jesus in Betanië tuisgegaan?
   By Lasarus en sy susters, Martha en Maria.
2. Wie het die Here dan bedien?
   Martha.
3. Wat het Maria gedoen?
   Sy het aan die voete van die Here gesit en geluister na wat Hy vertel.
4. Wat het met Lasarus gebeur?
   Hy het siek geword en gesterf.
5. Wat het Martha en Maria toe gedoen?
   Hulle het vir die Here laat weet
6. Wat het die Here gedoen?
   Hy het na Martha en Maria toe gegaan.
7. Wat het die Here vir sy dissipels gesê?
   Hy het gesê dat Lasarus slaap. Later het Hy gesê dat Lasarus dood is.
8. Wat het Martha vir die Here gesê?
   Here, as U hier was, sou my broer nie gesterwe het nie.
9. Wat het Martha gedoen?
   Sy het stilletjies vir Maria gaan roep.
10. Wat het Jesus gedoen toe Hy sien hoe verdrietig die mense is?
    Hy het gehuil.
11. Wat het Hy vir hulle daar by die graf gesê?
    Hulle moet die graf oopmaak,
12. Wat sê Martha vir die Here?
    Lasarus ruik al, want hy is al vier dae dood.
13. Wat doen die Here daar by die graf?
    Hy het gebid.
14. Wat het Hy gedoen nadat Hy gebid het?
    Hy het met 'n groot stem geroep: Lasarus, kom uit.
15. Wat gebeur toe?
    Lasarus het lewendig uit die graf gekom.

LES 28 - DIE AFGEDWAALDE SKAAP, VERLORE PENNING

(Lukas 15 : 1-10)

1. Watter gelykenis het die Here Jesus vertel van 'n man wat honderd skape gehad het?

   'n Man het een van sy honderd skape verloor.

2. Wat het hy toe gedoen?

   Hy het die nege-en-negentig in die woestyn laat staan en na die een gaan soek.

3. Het hy hom gekry?

   Ja, en hy het hom op sy skouers gesit en huis toe gedra.

4. Wat het hy gedoen toe hy by die huis kom?

   Hy het sy vriende en bure bymekaar geroep en vir hulle gesê: Wees saam met my bly, want ek het my skaap gekry wat weg was.

5. Wat het die Here Jesus vertel van die vrou wat tien pennings gehad het?

   Sy het een verloor.

6. Wat het sy toe gedoen?

   Sy het 'n lamp opgesteek, die huis uitgevee, en gesoek totdat sy dit gekry het.

7. Wat het sy gedoen toe sy dit gekry het?

   Sy het haar vriendinne en buurvroue geroep en gesê: Wees saam met my bly, want ek het die penning gekry wat ek verloor het.

8. Wat gebeur in die hemel as een sondaar hom op die aarde bekeer?

   Dan is daar blydskap voor die engele in die hemel.

LES 29 - GETSEMANE

(Matthéüs 26:36-51)

1. Waar was die Here die laaste nag voordat Hy gekruisig is?
   In die tuin Getsémané.
2. Wie was saam met die Here daar?
   Elf van sy apostels.
3. Wie het die Here verder die tuin in met Hom saam geneem?
   Petrus, Johannes en Jakobus.
4. Hoe ver was die Here van hulle af ?
   Omtrent sover as wat 'n mens met 'n klip kan gooi.
5. Wat het die Here daar gedoen?
   Hy het op sy aangesig geval en gebid.
6. Wat het die Here gebid?
   Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan.
7. Wat beteken hierdie woorde van Jesus?
   As dit moontlik is, moet Hy nie gekruisig word nie.
8. Hoeveel maal het die Here so gebid?
   Drie maal.
9. Wat het die dissipels gedoen toe Hy gebid het?
   Hulle het aan die slaap geraak.
10. Wat het die Here vir hulle gesê toe Hy klaar gebid het?
    Slaap maar langer en rus.
11. Wanneer het die Here hulle wakker gemaak?
    Toe die polisie en soldate wat Hom gaan vang het, naby was.
12. Wie het vir hulle die pad gewys?
    Judas Iskariot.
13. Hoe sou hulle weet wie die Here is?
    Judas sou die Here soen.
14. Wat het die Here vir Judas gesê toe hy Hom soen?
    Judas, verraai jy die Seun van die mens met 'n kus.

LES 30 - DIE KRUISIGING

(Matthéüs 27:32-56)

1. Waar is die Here gekruisig?
   Op Golgota.
2. Hoe is Hy gekruisig?
   Met dik spykers deur sy hande en voete is Hy aan balke vasgespyker.
3. Wie is saam met Hom gekruisig?
   Twee moordenaars.
4. Wat het die soldate vir die Here gegee om te drink?
   Asyn met gal gemeng.
5. Wat het van sy klere geword?
   Die soldate het dit onder hulle verdeel.
6. Wat was bokant sy kruis geskrywe?
   Dit is Jesus, die Koning van die Jode.
7. Wat het die mense gedoen wat om die kruis gestaan het?
   Hulle het die Here bespot.
8. Wie het ook by die kruis gestaan?
   Die moeder van die Here en van sy dissipels.
9. Hoeveel maal het die Here aan die kruis gepraat?
   Sewe maal.
10. Wat het twaalfuur die dag gebeur?
    Dit het donker geword tot drie-uur toe.
11. Wat het die kaptein gesê toe die Here gesterf het?
    Waarlik, Hy was die Seun van God.
12. Wat is met die liggaam van die Here gedoen nadat Hy dood is?
    Dit is begrawe.
13. Wie het Hom begrawe?
    Josef van Arimathéa en Nikodemus.

LES 31 - DIE OPSTANDING

(Matthéüs 28 : 1-15)

1. Het die Here in die graf gebly?

   Nee, Hy het weer opgestaan uit die graf.

2. Op die hoeveelste dag na sy dood?

   Op die derde dag.

3. Watter dag was dit?

   Sondag.

4. Wat het daardie môre gebeur?

   Daar was 'n groot aardbewing en 'n engel het uit die hemel gekom en die klip voor die graf weggerol.

5. Wat het van die soldate geword wat die graf opgepas het?

   Hulle het gebewe en soos dooies geword,

6. Wie het die Sondagmôre na die graf gaan kyk?

   Maria Magdalena en ander vroue.

7. Wat het die engel vir hulle gesê?

   Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan.

8. Wat moes die vroue vir die ander dissipels gaan vertel?

   Hy het opgestaan uit die dode, en hulle sal Hom in Galilea sien.

9. Was hulle baie bly?

   Ja, hulle was baie bly, maar hulle was ook bang.

10. Wat het die owerpriesters vir die grafwagters gesê ?

    Hulle moet sê: Die dissipels van die Here het in die nag gekom en Hom gesteel toe hulle geslaap het.

11. Wat het die owerpriesters hulle belowe?

    Hulle sal vir hulle baie geld gee.

LES 32 - ANANIAS EN SAFFIRA

(Handelinge 4:32-5:16)

1. Wat het die gelowiges na die uitstorting van die Heilige Gees met hulle besittings gemaak?

   Hulle het dit verkoop en die geld vir die apostels gebring.

2. Wat het die apostels daarmee gedoen?

   Hulle het aan elkeen uitgedeel volgens wat hy nodig gehad het.

3. Wat het Ananias en Saffira gedoen?

   Hulle het 'n stuk grond verkoop en net 'n deel van die geld vir die apostels gegee.

4. Wat het hulle met die ander deel van die geld gedoen?

   Hulle het dit vir hulleself gehou.

5. Was dit verkeerd?

   Nee, hulle kon dit doen.

6. Wat het hulle vir die apostels gesê?

   Dat hulle al die geld wat hulle gekry het vir die apostels gebring het.

7. Wat het Petrus vir Ananias gesê?

   Jy het nie vir mense gelieg nie maar vir God.

8. Wat het met Ananias gebeur?

   Hy het dood neergeval.

9. Wat het Petrus vir Saffira gevra?

   Sê vir my of julle die grond vir soveel verkoop het?

10. Wat was haar antwoord?

    Ja, vir soveel.

11. Wat het Petrus vir haar gesê?

    Waarom het julle ooreengekom om hierdie sonde teen die Here te doen?

12. Wat het met haar gebeur?

    Sy het ook dood neergesak.

13. Wat het gebeur met die mense wat hiervan gehoor het?

    Hulle het baie bang geword.

LES 33 - SIMON, DIE TOWENAAR

(Handelinge 8 :1-25)

1. Wie was Filippus?

   Hy was een van die sewe diakens.

2. Wat het hy na Stéfanus se dood gedoen?

   Hy het in Samaria gaan preek en siekes gesond gemaak.

3. Wat is met die mense gedoen wat geglo het?

   Hulle is gedoop.

4. Wie het daar ook gelowig geword?

   Simon die towenaar.

5. Wat het hy eers gedoen?

   Hy het met towery omgegaan.

6. Watter apostels het na Samaria gegaan?

   Petrus en Johannes.

7. Wat het hulle daar gedoen?

   Hulle het die hande op die gelowiges gelê en hulle het die Heilige Gees ontvang.

8. Wat het Simon vir die apostels aangebied?

   Hy het vir hulle geld aangebied.

9. Waarvoor?

   Hy wou ook die mag hê dat elkeen op wie hy sy hande lê, die Heilige Gees kan ontvang.

10. Wat het Petrus vir hom gesê?

    Mag jou geld saam met jou vergaan.

11. Wat het Petrus nog meer vir hom gesê?

    Hy kan nie die gawe van God met geld koop nie.

12. Wat het Simon toe vir die apostels gevra?

    Bid julle tot die Here vir my.

LES 34 - ENEAS EN TABITA

(Handelinge 9 : 32-42)

1. Hoe lank was Eneas siek?

   Hy was agt jaar bedlêend en verlam.

2. Wat het Petrus vir hom gesê?

   Eneas, Jesus Christus maak jou gesond; staan op en maak jou bed op.

3. Wat was Tabita se ander naam?

   Dorkas.

4. Wat het sy gedoen?

   Sy het baie goeie werke gedoen en die weduwees gehelp.

5. Wat het met Tabita gebeur?

   Sy het siek geword en gesterf.

6. Wat het die ander dissipels toe gedoen?

   Hulle het gestuur en Petrus laat haal.

7. Wat het hulle vir Petrus gewys toe hy by hulle kom?

   Al die klere wat Dorkas gemaak het toe sy nog gelewe het.

8. Wat het Petrus gedoen?

   Hy het almal laat uitgaan, en hy het neergekniel en gebid.

9. Wat het hy gedoen nadat hy gebid het?

   Hy het gesê: Tabita, staan op.

10. Wat gebeur toe?

    Sy het haar oë oopgemaak en regop gesit.

11. Het hulle vir ander mense daarvan vertel?

    Ja, en baie het in die Here geglo.

LES 35 - PAULUS, SKIPBREUKELING

(Handelinge 27)

1. Wat het met Paulus-hulle op 'n skip gebeur?

   'n Groot seestorm het losgebreek.

2. Wat het die mense op die skip gedoen?

   Hulle het eers die vrag afgegooi en later die gereedskap om die skip ligter te maak.

3. Wie het een nag aan Paulus verskyn?

   'n Engel van die Here wat gesê het hy moenie bang wees nie; almal op die skip sal gered word.

4. Wat het Paulus vir die mense op die skip gesê?

   Hulle moet moed hou, want die Here het gesê hulle sal nie verdrink nie.

5. Hoeveel dae het die storm toe al geduur?

   Veertien dae.

6. Wat wou die matrose een nag doen?

   Hulle wou wegvlug van die skip af.

7. Wat wou die soldate doen toe die skip gestrand het?

   Hulle wou die gevangenes wat op die skip was doodmaak.

8. Het die kaptein van die skip dit toegelaat?

   Nee, hy wou nie, want dan sou Paulus ook doodgemaak moes word. Dit wou hy nie toelaat nie.

9. Wat het die kaptein die mense beveel?

   Die wat kon swem, moes in die see spring en land toe swem.

10. Hoe het die ander aan land gekom?

    Party het op planke gedryf en ander op stukke van die skip.

11. Het daar van hulle verdrink?

    Nee, almal het lewendig uitgekom.

LES 36 - ADAM EN EVA

(Genesis2:4-17)

1. Waaruit het God die mens geskape?
   Uit die stof van die aarde.
2. Hoe het die Here vir die mens 'n vrou gemaak?
   Uit die rib van die man.
3. Hoe het die mens 'n lewende wese geword?
   God het die asem van die lewe in sy neusgate geblaas.
4. Na wie se beeld is die mens geskape?
   Na die beeld van God.
5. Hoe was die name van die eerste mense?
   Adam en Eva.
6. Waar het hulle gewoon?
   In die paradys.
7. Wat het hulle in die paradys geëet?
   Hulle het van die vrugte van die bome geëet.
8. Watter twee bome het ook in die paradys gestaan?
   Die boom van die kennis van goed en kwaad en die boom van die lewe.
9. Van watter boom se vrugte moes die mense glad nie eet nie?
   Van die vrugte van die boom van die kennis van goed en kwaad.
10. Wat sou met hulle gebeur as hulle daarvan eet?
    Hulle sou doodgaan.

LES 37 - DIE SONDEVAL

(Genesis 3)

1. Wat was die eerste sonde van Adam en Eva?
   Hulle het van die vrugte van die boom van die kennis van goed en kwaad geëet.
2. Was dit so 'n groot sonde?
   Ja, want hulle was ongehoorsaam aan God.
3. Wie het die mens tot die sonde verlei?
   Die slang.
4. Wat het die slang vir Eva gesê?
   Hulle sal nie sterwe nie maar soos God wees as hulle van daardie boom se vrugte eet.
5. Wat het die mense na die sondeval agtergekom?
   Dat hulle nie klere aan het nie.
6. Wat het hulle toe gedoen?
   Hulle het vir hulle klere van vyeblare gemaak en vir die Here weggekruip.
7. Kon hulle vir die Here wegkruip?
   Nee, die Here het geweet waar hulle is en het hulle geroep.
8. Wat het die Here toe met hulle gedoen?
   Hy het hulle gestraf.
9. Wat is die straf?
   Die mense sal swaar werk en later doodgaan.
10. Hoe het die Here die slang gestraf?
    Hy sal op sy maag seil, en die mens sal sy kop vermorsel.
11. Wat het die Here vir die mens belowe?
    'n Verlosser.
12. Kon Adam en Eva nog in die paradys bly?
    Nee, die Here het hulle uitgedrywe.
13. Wie het gekeer dat die mense nie van die boom van die lewe gaan eet nie?
    Engele met swaarde wat vlam en flikker.

LES 38 - NOAG BOU DIE ARK

(Genesis 6)

1. Hoe is Set se kinders genoem?
   Die kinders van God.
2. Hoe is Kain se kinders genoem?
   Die kinders van die mense.
3. Wat het gebeur toe die mense op die aarde vermeerder het?
   Die kinders van Set het met die kinders van Kain getrou.
4. Hoe was die mense in die oë van die Here?
   Hulle was goddeloos.
5. Was almal so goddeloos?
   Nee, Noag was 'n regverdige man.
6. Hoe was Noag se seuns se name?
   Sem, Gam en Jafet.
7. Wat gaan die Here met die goddelose mense doen?
   Hy gaan hulle uitroei.
8. Wat moes Noag doen?
   Hy moes 'n ark bou om daarin te gaan.
9. Hoeveel verdiepings het die ark gehad?
   Drie.
10. Wat moes Noag in die ark sit?
    Van al die kos wat geëet word.
11. Vir wie was die kos?
    Vir almal wat in die ark moes ingaan.
12. Watter mense was in die ark?
    Noag en sy vrou, sy drie seuns en hulle vrouens.
13. Wat was nog in die ark?
    Van die rein diere was daar sewe pare en van die onrein diere een paar.

LES 39 - JOB

(Job 1 en 2)

1. Hoe 'n man was Job?
   Hy was vroom en godvresend.
2. Hoe ryk was hy?
   Hy was baie ryk en het baie besittings gehad.
3. Hoeveel kinders het hy gehad?
   Hy het sewe seuns en drie dogters gehad.
4. Wat het Job elke keer gedoen nadat sy kinders 'n groot ete gegee het?
   Hy het vir elkeen van hulle 'n offer gebring, omdat hulle miskien sonde gedoen het.
5. Wat het die Satan vir die Here oor Job gesê?
   Job dien die Here net omdat die Here hom so geseën het.
6. Wat het die Here vir die Satan gesê?
   Die Satan kan met alles wat Job het, maak wat hy wil.
7. Wat het die Satan met Job gemaak?
   Alles wat hy het, is op een dag van hom weggeneem sodat hy arm geword het.
8. Wat het van sy kinders geword?
   Hulle is almal op dieselfde dag dood, omdat 'n stormwind die huis op hulle laat inval het.
9. Wat het Job toe gesê?
   Die Here het gegee en die Here het geneem: die Naam van die Here sy geloof.
10. Wat het die Satan daarna gesê?
    'n Mens sal alles gee as jou lewe gespaar word.
11. Wat het die Satan toe met Job gedoen?
    Hy het Job met swere getref van sy kop tot op sy voete.
12. Wat het Job se vrou vir hom gesê?
    Hy kan die Here maar laat staan en sterf.
13. Wat het Job geantwoord?
    Sou ons die goeie van God aanneem en nie die slegte nie?
14. Wat het sy vriende vir hom gesê?
    Hy het sonde gedoen. Daarom straf die Here hom.
15. Het Job in al sy ellende nog aan die Here geglo?
    Ja, hy het gesê: Ek weet my Verlosser lewe.

16 Wat het die Here later met Job gedoen?
   Die Here het vir hom weer sewe seuns en drie dogters gegee en twee maal soveel besittings.

LES 40 - JAKOB EN ESAU

(Genesis 25 : 19-34; 27)

1. Hoe was Isak se vrou se naam?

   Rebekka.

2. Hoe was hulle kinders se name?

   Esau en Jakob.

3. Hoe het hulle gelyk?

   Esau was baie harig en Jakob was 'n gladde man.

4. Wat het die Here voor hulle geboorte van hulle twee gesê?

   Die meerdere sal die mindere dien.

5. Waarom het Esau die seën van die eersgeborene nie gekry nie?

   Hy het dit vir 'n kooksel lensies verkoop.

6. Vir wie wou Isak tog nog die seën van die eersgeborene gee?

   Vir Esau.

7. Wat het Isak vir Esau gesê?

   Hy moet 'n wildsbokkie gaan skiet en vir hom 'n lekker ete klaarmaak, dan sal hy hom seën.

8. Wat het Rebekka gedoen toe sy van die plan hoor?

   Sy het vir Jakob gestuur om twee bokkies by die kleinvee te gaan haal; dan sal sy gou 'n ete klaarmaak.

9. Wat moes Jakob nog doen?

   Hy moes Esau se klere aantrek, en sy ma het die bokkies se velle oor sy hande en sy nek getrek.

10. Wat het Jakob vir sy vader gesê?

    Hy het gesê hy is Esau.

11. Hoe het hy gesê waar het hy so gou die wild in die hande gekry?

    Hy het gesê die Here het gemaak dat hy dit teëgekom het.

12. Wat het Isak toe gesê?

    Hy moet nader kom dat hy aan hom kan voel.

13. Wat het hy daarna gesê?

    Die stem is Jakob se stem, maar die hande is Esau se hande.

14. Wanneer het Isak agtergekom dat Jakob hom bedrieg het?

    Toe Esau later van die veld afgekom het.

LES 41 - JAKOB BY BET-EL

(Genesis 28)

1. Waarom moes Jakob vlug?
   Omdat Esau hom wou doodmaak.
2. Waarheen het hy gevlug?
   Na sy oom Laban toe.
3. Wat het hy met hom saamgeneem?
   Sy staf en 'n bietjie olie in 'n flessie.
4. Waar het Jakob die eerste nag geslaap?
   Hy het in die veld geslaap en 'n klip by sy kop neergesit.
5. Wat het hy die nag gedroom?
   Hy sien 'n leer op die aarde staan, maar sy boonste punt raak aan die hemel.
6. Wat het hy nog in die droom gesien?
   Die Here staan bo-op die leer en die engele klim op en af daarop.
7. Wat het die Here vir hom gesê?
   Die Here sal met hom wees en aan hom en sy nageslag daardie land gee.
8. Wat het Jakob gesê toe hy wakker word?
   Waarlik, die Here is op hierdie plek en ek het dit nie geweet nie.
9. Wat het hy die môre gedoen voordat hy verder gegaan het?
   Hy het olie op die klip gegooi wat by sy kop gelê het.
10. Watter gelofte het hy aan die Here gedoen?
    As die Here hom weer veilig terug sal bring, sal hy die Here dien.

LES 42 - DIE HERE ROEP MOSES

(Exodus 3)

1. Wat het Moses een dag gesien toe hy in die woestyn was?

   'n Doringbos wat brand, maar nie uitbrand nie.

2. Wat het die Here vir hom gesê toe hy nader gaan?

   Moenie nader kom nie. Trek jou skoene uit, want die grond waarop jy staan, is heilige grond.

3. Hoe het die Here gesê wie praat met Moses?

   Hy is die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob.

4. Wat het die Here vir Moses gesê?

   Die Here het die verdrukking van die Israeliete gesien.

5. Watter opdrag het die Here aan Moses gegee?

   Hy moes die Israeliete uit Egipte gaan verlos.

6. Watter teken moes Moses doen dat die Israeliete kan glo dat die Here hom gestuur het?

   As hy sy staf op die grond neergooi, sal dit 'n slang word. As hy dit aan die stert gryp, sal dit weer 'n staf word.

7. Watter ander teken het die Here ook vir hom gegee?

   Hy moes sy hand by sy bors insteek. As hy dit uittrek, sal dit melaats wees. Maar as hy dit weer insteek en uittrek sal dit gesond wees.

8. Watter teken moes Moses nog doen?

   Hy moes water uit die Nyl skep en op die droë grond uitgooi, dan sal dit bloed word.

9. Was Moses toe gewillig om te gaan?

   Nee, hy het gesê hy kan nie goed praat nie.

10. Hoe het die Here gesê wie sal praat?

    Sy broer Aaron.

LES 43 - ISRAEL TREK DEUR DIE ROOISEE

(Exodus 13 : 17-14 : 31)

1. Wat het die Israeliete saam met hulle geneem Kanaän toe?

   Hulle het die beendere van Josef saamgeneem.

2. Hoe het die Here vir Israel die pad gewys waarlangs hulle moes trek?

   Bedags het 'n wolkkolom voor hulle uitgegaan en snags 'n vuurkolom.

3. Wat het Farao gedoen nadat die Israeliete getrek het?

   Hy het hulle agtervolg om hulle terug te bring.

4. Wat het die Israeliete gesê toe hulle sien dat Farao aankom?

   Hulle was baie bang en het vir Moses gevra of hulle almal in die woestyn moes sterwe.

5. Wat het Moses gesê?

   Hulle moet nie bang wees nie; die Here sal vir hulle veg.

6. Waar was die wolkkolom daardie nag?

   Tussen die Egiptenare en die Israeliete.

7. Wat het die Here vir Moses gesê?

   Hy moet sy hand oor die see uitsteek en op die water slaan.

8. Wat gebeur toe?

   'n Sterk wind het die waters gekloof en daar was 'n droë pad vir die Israeliete deur die see!

9. Wat het die Egiptenare gedoen?

   Hulle het agter die Israeliete aangetrek, maar hulle oorlogswaens het ingesak.

10. Wat moes Moses doen toe die Israeliete deur die see getrek het?

    Hy moes sy hand oor die see uitsteek en op die water slaan.

11. Wat gebeur toe?

    Die water het weer bymekaargekom.

12. Wat het van die Egiptenare geword?

    Hulle het in die see verdrink.

13. Wat het die Israeliete gedoen?

    Hulle het vir die Here 'n lied gesing.

LES 44 - SINAI

(Exodus 19 en 20)

1. Hoe lank het Israel van Egipte af tot by die berg Sinai getrek?
   Amper drie maande lank.
2. Watter ander naam het die berg Sinai ook gehad?
   Horeb.
3. Wat moes Moses vir die volk sê?
   Hulle moet hulle regmaak om die Here te ontmoet.
4. Wie kon op die berg klim?
   Moses en Aaron.
5. Wat van die ander mense en die diere?
   Hulle mag nie op die berg klim nie.
6. Wat moet gedoen word as iemand opklim?
   Die een moet doodgemaak word.
7. Wat het hulle op die berg gesien voor die Here afgekom het?
   Daar was donderslae en blitse en 'n groot wolk en 'n harde geluid.
8. Hoe het die Here afgekom op die berg?
   In 'n vuur, en daar het rook opgetrek.
9. Wat het die volk vir Moses gesê toe hulle dit alles gesien het?
   Hulle is baie bang. Die Here moet nie met hulle praat nie.
10. Wie moet met hulle praat?
    Die Here moet met Moses praat, en Moses kan met hulle praat.
11. Wat het die Here daar op die berg vir Moses gegee?
    Die Wet van die Here.
12. Waarop was dit geskrywe?
    Op twee kliptafels.
13. Wie het die Wet op die kliptafels geskrywe?
    Die Here self.

LES 45 - SIMSON

(Rigters 16)

1. Wie was die sterkste man?

   Simson.

2. Hoe sterk was hy?

   Hy het 'n leeu se bek oopgeskeur.

3. Wat het hy met die deure van 'n stad gedoen?

   Hy het dit met kosyne en al uitgeruk, op sy skouer gesit en dit weggedra na 'n berg toe.

4. Met wie het hy gaan trou?

   Met Delila.

5. Wat het Delila vir Simson gevra?

   Hy moet vir haar vertel waarom hy so sterk is.

6. Hoe het Simson vir haar gesê?

   Hy moet met sewe vars lyne vasgebind word.

7. Was dit die waarheid?

   Nee, hy het die vars lyne soos niks gebreek.

8. Hoe het Simson toe gesê waarmee moet hy gebind word?

   Met nuwe toue.

9. Was dit so?

   Nee, hy het dit ook gebreek.

10. Wat sê Simson daarna vir Delila?

    Hulle moet sy sewe haarvlegsels vasmaak.

11. Kon Simson hom losruk?

    Ja.

12. Wat sê Delila vir hom?

    Hy het haar nie lief nie; daarom vertel hy vir haar leuens.

13. Wat sê Simson moet hulle met hom maak dat hy swak word?

    Hulle moet sy haarvlegsels afsny.

14. Wat het die Filistyne met Simson gemaak nadat sy hare afgesny is?

    Hulle het sy oë uitgesteek en hom in die tronk gesit.

15. Hoe is Simson dood?

    Hy het die pilare van die tempel van die Filistyne omgeruk, en dit het op hom geval.

LES 46- DAWID SPAAR SAUL SE LEWE

(1 Samuel 24)

1. Waarom het Saul vir Dawid gehaat?

   Omdat Dawid in sy plek koning sou word.

2. Wat wou Saul met Dawid doen?

   Hy wou hom doodmaak.

3. Wat het Dawid toe gedoen?

   Hy het vir Saul gevlug.

4. Wat het Saul gedoen as hy hoor waar Dawid is?

   Hy het hom agterna gesit en hom gesoek.

5. Waar het Saul eenmaal gaan rus toe hy Dawid gesoek het?

   In 'n spelonk.

6. Wie was ook in die spelonk?

   Dawid en sy manne.

7. Wat het Dawid se manne gesê moes hy doen?

   Dit is sy kans om Saul dood te maak.

8. Het Dawid dit gedoen?

   Nee, hy het gesê hy sal dit nie doen nie.

9. Waarom wou hy Saul nie doodmaak nie?

   Hy het gesê die Here het Saul koning gemaak, en hy sal hom nie doodmaak nie.

10. Wat het Dawid met Saul gedoen?

    Hy het stilletjies die slip van Saul se mantel afgesny.

11. Wat het hy daarmee gedoen?

    Toe Saul uit die spelonk was, het hy hom geroep en die slip van sy mantel vir hom gewys.

12. Wat het Dawid vir Saul gesê?

    Hy kon hom maklik doodgemaak het, maar hy wou dit nie doen nie.

13. Wat het Saul toe gesê?

    Hy het gehuil en gesê Dawid is regverdiger as hy.

LES 47 - DAWID EN DIE ARK

(2 Samuel 6)

1. Wie het na Saul koning geword?
   Dawid.
2. Hoe 'n koning was hy?
   Hy was 'n man na Gods hart.
3. Wat het Dawid met die ark van die Here gedoen?
   Hy het dit na Jerusalem laat bring.
4. Waar was die ark?
   In die huis van Abinadab.
5. Hoe is die ark vervoer?
   Dit is op 'n nuwe wa gelaai.
6. Wat het gebeur toe die osse struikel?
   Die priester Ussa het sy hand uitgesteek en die ark vasgehou.
7. Wat het met Ussa gebeur?
   Die Here het hom daar laat sterwe.
8. Wat het Dawid toe gedoen?
   Hy was bang om die ark na hom toe te neem.
9. Waar het die ark drie maande lank gebly?
   In die huis van Obed-Edom.
10. Hoe het dit daardie tyd met Obed-Edom gegaan?
    Die Here het hom geseën.
11. Wat het Dawid gedoen toe hy sien die Here seën Obed-Edom?
    Hy het die ark laat haal.
12. Hoe bly was Dawid dat die ark na Jerusalem toe kom?
    Hy was baie bly en het om die ark gehuppel.
13. Wie het hom daaroor verag?
    Sy vrou Migal.
14. Wat het daarom met haar gebeur?
    Sy het nooit kinders gehad nie.
15. Wat wou Dawid vir die Here bou?
    'n Huis.
16. Wat het die Here daarvan gesê?
    Hy mag dit nie bou nie, want hy het te veel oorlog gemaak.

LES 48 - WYSHEID VAN SALOMO

(1 Konings 3)

1. Wie was Salomo?

   Hy was 'n koning van Israel.

2. Wat het die Here vir hom in 'n droom gesê?

   Hy kon vra wat die Here vir hom moes gee.

3. Wat het hy vir die Here gevra?

   Dat die Here vir hom 'n wyse en verstandige hart sou gee.

4. Wat het die Here geantwoord?

   Omdat hy wysheid gevra het sal die Here dit vir hom gee en ook rykdom en eer.

5. Wat het twee vroue eenmaal vir Salomo gaan vra?

   Hy moet sê wie se kind hulle daar by hulle het.

6. Waarom het hulle dit dan nie geweet nie?

   Elkeen het 'n kind gehad, maar een vrou het hare doodgelê en toe vat sy die ander vrou se kind,

7. En wat gebeur toe?

   Hulle stry oor die lewendige kind; wie s'n dit is.

8. Hoe het Salomo uitgevind wie se kind dit is?

   Hy wou die lewendige kind middeldeur laat kap en vir elke vrou 'n stuk gee.

9. Wat sê die regte moeder?

   Nee, hulle moet die kind liewers vir die ander vrou gee.

10. Wat het die ander vrou gesê?

    Hulle moet die kind deursny.

11. Hoe slim was Salomo?

    'n Mens kon hom enige ding vra, en hy het dit geweet.

LES 49 - ELIA EN DIE PROFETE VAN BAÄL

(1 Konings 18)

1. Na wie toe het die Here vir Elia gestuur?

   Na koning Agab.

2. Wat het Agab gesê toe hy by Elia kom?

   Is dit jy, jou beroerder van Israel?

3. Wat was Elia se antwoord?

   Dit is Agab wat Israel in beroering gebring het met al sy sonde.

4. Watter opdrag het Elia vir Agab gegee?

   Hy moet die hele volk en al die profete van Baal op die berg Karmel bymekaar laat kom.

5. Wat moet hulle daar doen?

   Hulle moet twee altare bou en twee bulle slag en op elke altaar een bul sit.

6. Mag hulle vuur op die altare sit?

   Nee, Agab se profete moet vir Baäl aanroep en Elia sal die Here aanroep.

7. Wat het Elia toe vir hulle gesê?

   Die God wat vuur sal stuur, Hy sal God wees.

8. Wat het die profete van Baäl gedoen?

   Hulle het Baäl van die môre tot die aand toe aangeroep.

9. Wat het Elia die middag vir die profete van Baäl gesê?

   Hy het hulle gespot en gesê hulle moet hard roep; miskien slaap Baäl.

10. Het Baäl iets gedoen?

    Nee, hy het niks gedoen nie en kon ook niks doen nie.

11. Wat het Elia teen die aand laat doen?

    Hy het baie water op sy altaar laat gooi.

12. En toe?

    Toe het hy die Here aangeroep en die Here het vuur van die hemel af gestuur, wat daardie offer verbrand het.

13. Wat het die volk uitgeroep?

    Die Here is God. Die Here is God.

LES 50 - NABOT

(1 Konings 21)

1. Wat het Agab vir Nabot gevra?

   Nabot moet sy wingerd aan hom verkoop.

2. Wat wou Agab daarmee maak?

   Hy wou daar 'n groentetuin maak.

3. Het Nabot sy wingerd verkoop?

   Nee, hy het gesê hy mag nie sy erfgoed verkoop nie.

4. Was Agab tevrede met die antwoord?

   Nee, hy was kwaad en het op sy bed gaan lê en nie geëet nie.

5. Wat het Agab se vrou, Isébel, gedoen?

   Sy het briewe geskrywe dat die mense van Nabot se stad bymekaar moet kom vir 'n vasdag. Nabot moet ook daar wees.

6. Wat moes dan gedoen word?

   Twee slegte mense moet hom vals beskuldig en sê dat hy God en die koning gevloek het.

7. Wat het hulle met Nabot gedoen?

   Hulle het hom met klippe doodgegooi.

8. Wat het Isébel vir Agab gesê?

   Nabot is dood; nou kan hy die wingerd kry.

9. Wat moes Elia vir Agab gaan sê toe hy die wingerd gaan vat het?

   Op die plek waar die honde Nabot se bloed gelek het, sal hulle Agab se bloed ook lek.

10. Wat het Elia vir Isébel gesê?

    Die honde sal haar opeet.

11. Waarom moes Elia vir hulle sulke woorde sê?

    Omdat hulle baie sonde gedoen het.

LES 51 - ELISA

(2 Konings 4 : 1-37)

1. Wat het 'n weduwee vir Elisa gesê?
   Haar man is dood en die skuldeiser wil haar twee seuns as slawe vat vir die skuld.
2. Wat het sy in die huis gehad?
   Net 'n kan olie.
3. Wat sê Elisa moet sy leen?
   Sy moet leë kanne by haar bure leen, maar sy moet nie te min leen nie.
4. Wat moet sy met die leë kanne maak?
   Sy moet die deur van haar huis toesluit en die kan olie vat en in die leë kanne gooi.
5. Hoeveel kanne het sy vol gemaak?
   Al die leë kanne wat daar was.
6. Wat moes sy met die kanne vol olie maak?
   Sy moet dit verkoop en haar skuld betaal.
7. By wie het Elisa in Sunem tuis gegaan?
   By 'n ryk vrou.
8. Wat het sy vir hom in die kamer gesit?
   'n Bed, 'n stoel, 'n tafel en 'n lamp.
9. Wat het hy haar belowe?
   Dat sy oor 'n jaar 'n seun sal hê.
10. Wat het met die seun gebeur toe hy groot was?
    Hy het siek geword en doodgegaan.
11. Wat het sy moeder gedoen?
    Sy het hom op Elisa se bed neergelê en na Elisa toe gegaan.
12. Wat het Elisa vir sy dienaar Gehasi gesê?
    Hy moet Elisa se stok op die kind se gesig gaan lê.
13. Wat het Elisa gedoen toe hy en die vrou by die huis kom?
    Hy het die deur agter hulle twee gesluit en vir die Here gebid.
14. Wat het hy daarna gedoen?
    Hy het op die seun gaan lê.
15. Wat het met die seun gebeur?
    Hy het sewe maal genies en sy oë oopgemaak.
16. Wat het die moeder gedoen?
    Sy het voor Elisa se voete geval en gebuig omdat sy bly was.

LES 52 - ESTER

(Ester 2, 3, 4, 6 en 7)

1. Wie was Ester?

   Sy was 'n mooi Joodse meisie.

2. By wie het sy gebly?

   By haar oom Mordegai.

3. Wie het met haar getrou?

   Koning Ahasveros.

4. Wat het Mordegai vir die koning laat weet?

   Daar is twee manne wat die koning wou dood maak.

5. Wie was die koning se vernaamste man?

   Haman.

6. Wat wou Haman met al die Jode doen?

   Hy wou hulle almal laat doodmaak.

7. Wat het Mordegai vir Ester laat weet?

   Sy moet by die koning gaan pleit vir die lewe van die Jode.

8. Het Ester dit gedoen?

   Nee, sy wou nie; sy was bang dat die koning haar sou laat doodmaak.

9. Wat het Mordegai toe vir haar laat weet?

   Sy moenie dink dat haar lewe gespaar sal word, as die ander Jode doodgemaak word nie.

10. Wat het sy vir die koning gevra?

    Die koning en Haman moet by haar kom eet.

11. Wat het sy gesê toe die koning haar vra wat sy wil hê?

    As die koning en Haman die volgende dag by haar kom eet, sal sy dit sê.

12. Wat het daardie nag met Ahasveros gebeur?

    Hy kon nie slaap nie, en toe lees sy mense vir hom dat Mordegai sy lewe gered het.

13. Hoe het die koning Mordegai daarvoor beloon?

    Hy moes die koning se klere aantrek en op die koning se perd deur die strate ry.

14. Wat was Ester se versoek aan die koning?

    Dat die koning haar lewe en haar volk se lewe moet spaar, want Haman wou hulle doodmaak.

15. Wat het die koning met Haman gedoen?

    Hy is aan 'n hoe galg opgehang wat hy vir Mordegai laat bou het.

16. Wat het die koning met Mordegai gedoen?

    Hy het hom in Haman se plek aangestel.

LES 53 - NEBUKADNESAR WORD KRANKSINNIG

(Daniël 4)

1. Wat het Nebukadnesar gedroom?

   Daar was 'n baie groot boom in die middel van die aarde; die diere het in sy skaduwee gestaan en die voëls het in sy takke nes gemaak.

2. Wat het die engel gesê?

   Kap die boom om en kap sy takke af, maar laat sy penwortel in die aarde bly.

3. Hoe het Daniël die droom uitgelê?

   Die boom is Nebukadnesar.

4. Wat beteken dit dat die boom afgekap sal word?

   Nebukadnesar sal in die veld saam met die diere bly en gras eet soos die beeste.

5. Waarom moet die penwortel in die aarde bly?

   Nebukadnesar sal weer reg word as hy erken dat die Here God is.

6. Wat het Nebukadnesar gesê toe hy na die groot stad Babel gekyk het?

   Is dit nie die grote Babel wat ek opgebou het nie?

7. Wat het toe met hom gebeur?

   Hy het van sy verstand af geraak.

8. Waar het hy gebly?

   Hy het in die veld gebly en gras geëet; die dou het hom nat gemaak, en sy hare en naels het lank geword.

9. Het hy weer reg geword?

   Ja, hy het weer reg geword.

10. Wat het hy toe gesê?

    Hy het die Here geprys.

LES 54 - KINDERMOORD EN VLUG

(Matthéüs 2 : 13-23)

1. Waarheen het Josef en Maria met Jesus gevlug?

   Na Egipte toe.

2. Waarom moes hulle vlug?

   Omdat Herodes die Kindjie gaan soek het om Hom dood te maak.

3. Waarom wou hy Hom doodmaak?

   Hy was bang dat die Kindjie koning sou word en hom sou doodmaak.

4. Wie het vir Josef gesê om te vlug?

   'n Engel van die Here het dit vir hom in 'n droom gesê.

5. Hoe lank het hulle in Egipte gebly?

   Tot na die dood van Herodes.

6. Wat het Herodes gedoen toe hy sien die wyse manne kom hom niks sê nie?

   Hy het in Betlehem en die omstreke al die seuntjies wat onder twee jaar was, laat doodmaak.

7. Hoe het Josef geweet dat hy weer kon teruggaan?

   'n Engel het dit vir hom in 'n droom gesê.

8. Waar het hy gaan woon?

   In Nasaret

9. Wat was Josef se ambag?

   Hy was 'n skrynwerker.

10. Het Jesus hom gehelp?

    Ja.

LES 55 - DIE VERSOEKING

(Matthéüs 4 : 1-11)

1. Wat het met die Here gebeur nadat Hy gedoop is?
   Die Heilige Gees het Hom weggelei in die woestyn.
2. Hoe lank het hy in die woestyn gebly?
   Veertig dae en veertig nagte.
3. Wat het toe gebeur?
   Die Here Jesus het honger geword, en die duiwel het na Hom toe gekom.
4. Wat sê die duiwel vir Hom?
   Die Here moet sê dat die klippe brood word.
5. Wat het die Here geantwoord?
   'n Mens kan nie net van brood lewe nie.
6. Wat het die duiwel die tweede maal vir die Here gesê?
   Hy moet van die tempel se dak afspring.
7. Het die Here dit gedoen?
   Nee, Hy het gesê dat 'n mens jou nie moedswillig in gevaar mag stel nie,
8. Wat sê die duiwel die derde maal vir die Here?
   Die Here moet hom aanbid.
9. Wat was die antwoord van die Here?
   Gaan weg, Satan! Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.
10. Wat het die duiwel toe gedoen?
    Hy het weggegaan.
11. Wie het daarna na die Here toe gekom?
    Engele het gekom en Hom gedien.

LES 56 - JESUS MAAK DIE STORM STIL

(Markus 4 : 35-41)

1. Wat het die Here Jesus een aand vir sy dissipels gesê?

   Hulle moet in 'n skuitjie oor die meer vaar.

2. Wat het die Here gedoen?

   Hy het agter op die skuitjie gelê en slaap.

3. Wat het die nag gebeur?

   'n Groot storm het opgekom en die golwe het in die skuit geslaan.

4. Wat het die dissipels toe gedoen?

   Hulle het die Here wakker gemaak en vir Hom gevra: Meester, gee U nie om dat ons vergaan nie?

5. Wat het die Here gedoen?

   Hy het die wind bestraf en vir die see gesê: Wees stil.

6. Wat het toe gebeur?

   Die wind het gaan lê, en daar het 'n groot stilte gekom.

7. Wat het die Here vir die dissipels gevra?

   Waarom is julle so bang? Hoe het julle dan geen geloof nie?

8. Wat het die dissipels gesê?

   Hulle was bang en het gesê: Wie is Hy tog, dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam is?

LES 57 - DIE VERMEERDERING VAN DIE BRODE

Matthéüs 14:14-21)

1. Wat het die dissipels een aand vir die Here gaan sê?

   Dit is laat. Hy moet die mense wegstuur dat hulle vir hulle kos kan gaan koop in die dorpe.

2. Wat sê die Here vir die dissipels?

   Hulle hoef nie weg te gaan nie; gee julle vir hulle iets om te eet.

3. Wat antwoord die dissipels?

   Ons het hier net vyf brode en twee visse.

4. Wat moes hulle daarmee doen?

   Hulle moes dit vir die Here bring.

5. Wat het die Here vir die skare gesê?

   Hulle moet op die gras gaan sit.

6. Wat het die Here toe gedoen?

   Hy het opgekyk na die hemel en gedank.

7. Wat het Hy met die brode en visse gedoen?

   Hy het dit gebreek en vir die dissipels gegee om vir die skare te gee.

8. Het almal genoeg gekry om te eet?

   Ja, en daar het nog oorgebly.

9. Wat moes die dissipels doen met wat oorgebly het?

   Hulle moes dit bymekaar maak.

10. Hoeveel het oorgebly?

    Twaalf mandjies vol stukke.

11. Hoeveel mense het daar geëet?

    Vyfduisend manne buiten die vroue en kinders.

LES 58 - DIE KAPTEIN VAN KAPERNAUM

(Lukas 7 : 1-10)

1. Wat het die slaaf van die kaptein makeer?

   Hy was siek en het op sterwe gelê.

2. Vir wie het die kaptein na die Here gestuur?

   Die ouderlinge van die Jode.

3. Wat het hulle van die kaptein gesê?

   Hy het hulle volk baie lief en het vir hulle 'n sinagoge gebou.

4. Wat het die Here gedoen?

   Hy het na die man se huis gegaan.

5. Wat het die man toe gedoen?

   Hy het van sy vriende gestuur om vir die Here te sê Hy moet nie moeite doen om na sy huis te gaan nie.

6. Waarom het hy nie self na die Here gegaan nie?

   Hy het gesê dat hy nie werd is dat die Here onder sy dak inkom nie.

7. Wat het hy vir die Here laat weet?

   Die Here kan maar net 'n woord sê, dan sal sy slaaf gesond word.

8. Wat sê die Here toe?

   Dat Hy selfs by die Israeliete nie so 'n groot geloof gevind het nie.

9. Wat het van die slaaf geword?

   Hy was gesond by die huis.

LES 59 - DIE RYK MAN EN LASARUS

(Lukas 16 : 19-31)

1. Waaroor handel hierdie gelykenis van die Here Jesus?

   Oor 'n ryk man met mooi klere en 'n bedelaar Lasarus.

2. Hoe het dit met Lasarus gegaan?

   Dit het sleg met hom gegaan.

3. Hoe sleg?

   Sy lyf was vol swere wat die honde gelek het, en hy het honger gely.

4. Wat het met Lasarus gebeur toe hy sterf ?

   Die engele het hom in die hemel ingebring.

5. Wat het met die ryk man gebeur met sy dood?

   Hy het sy oë in die doderyk oopgemaak en hy het baie pyn gely.

6. Kon hy vir Abraham en Lasarus sien?

   Ja, hy kon hulle van veraf sien.

7. Wat vra hy vir Abraham?

   Om vir Lasarus te stuur dat hy die punt van sy vinger in water kan steek om sy tong nat te maak.

8. Het Abraham dit gedoen?

   Nee, hy het gesê daar is 'n groot kloof tussen hulle.

9. Wat vra die ryk man toe?

   Abraham moet vir Lasarus stuur om sy vyf broers te waarsku dat hulle nie in daardie plek kom nie.

10. Wat het Abraham geantwoord?

    Dis onnodig, hulle het Moses en die profete (die Bybel) om na te luister.

LES 60 - DIE MAN WAT BLIND GEBORE IS

(Johannes 9)

1. Wat het die dissipels vir die Here gevra oor 'n man wat blind gebore is?

   Wie het sonde gedoen, hierdie man of sy ouers, dat hy blind gebore is?

2. Wat het die Here geantwoord?

   Hy het nie gesondig nie en ook nie sy ouers nie, maar by hom moet die werk van God gesien word.

3. Wat het die Here toe gedoen?

   Hy het op die grond gespuug en klei gemaak en die klei aan die oë van die blinde man gesmeer.

4. Wat het die Here vir die man gesê?

   Gaan was jou in die bad van Silóam.

5. Wat het daarna gebeur?

   Hy het hom gaan was, en toe kon hy sien.

6. Wat het die bure gesê toe hulle die man sien?

   Party het gesê: Is dit nie hy wat gesit en bedel het nie? Ander het gesê? Dit is hy. En nog ander: Hy lyk na hom.

7. Wat het die man gesê?

   Hy het gesê: Dit is ek.

8. Op watter dag het die Here hom gesond gemaak?

   Op die Sabbat.

9. Wat het sy ouers gesê toe die Jode hulle gevra het hoe dit gekom het dat hulle seun kan sien?

   Hulle het gesê: Hy is oud genoeg; vra hom.

10. Wat het die man vir die Jode gesê?

    Een ding weet ek: dat ek blind was en nou sien.

11. Wat het die man gesê toe die Here weer by hom kom en vra: Glo jy in die Seun van God?

    Hy vra: Wie is Hy, dat ek in Hom kan glo?

12. Wat het hy gesê toe die Here sê dat Hy die Seun van God is?

    Hy het gesê: Ek glo, Here. En hy het Hom aanbid.

LES 61 - DIE VYAND SAAI ONKRUID IN DIE NAG

(Matthéüs 13:24-30)

1. Watter soort saad het 'n man in sy land gesaai?

   Goeie saad.

2. Wat het sy vyand gedoen?

   In die nag toe die mense slaap, het hy onkruid onder die koring kom saai.

3. Wanneer het die slawe dit gesien?

   Toe die koring en die onkruid al begin are maak.

4. Wat wou die slawe toe doen?

   Hulle wou die onkruid gaan uittrek.

5. Wat het die eienaar gesê?

   Nee, hulle kan dalk die koring ook beskadig.

6. Wanneer kan die onkruid bymekaar gemaak word?

   In die oestyd.

7. Wat word dan daarmee gedoen?

   Dit word in bondels gebind en verbrand.

8. Wat word met die koring gedoen?

   Dit word in die skuur bymekaar gebring.

9. Wie is die vyand wat die onkruid gesaai het?

   Dit is die duiwel.

10. Wat is die onkruid?

    Dit is die sonde.

11. Tot wanneer sal daar sonde op die aarde wees?

    Totdat die wêreld vergaan.

LES 62 - DIE GROOT MAALTYD

(Lukas 14 : 15-24)

1. Wat het 'n man gedoen toe hy 'n groot maaltyd wou gee?
   Hy het vooraf baie mense uitgenooi.
2. Wat het hy gedoen toe alles klaar was?
   Hy het sy slaaf uitgestuur om te sê: Kom, alles is klaar.
3. Wat het die genooides gesê?
   Hulle het allerhande verskonings gemaak.
4. Wat was die verskonings?
   Die een het 'n stuk grond gekoop en moes daarna gaan kyk.
5. Watter verskoning het 'n ander een gehad?
   Hy het osse gekoop en moet hulle gaan probeer.
6. Was daar nog verskonings?
   Ja, 'n ander een het 'n vrou getrou.
7. Waarom het hulle so baie verskonings gehad?
   Omdat hulle nie na die ete toe wou gaan nie.
8. Wat het die man daarna gedoen?
   Hy het sy slawe na die strate en gangetjies gestuur om mense te gaan haal.
9. Wie moes die slawe toe bring?
   Die armes, gebreklikes, kreupeles en blindes.
10. Wat het die man gesê toe daar nog plek is?
    Die slawe moet op die paaie gaan en mense daarvandaan bring.
11. Wat beteken die gelykenis?
    As die kerkmense nie na die Here wil luister nie, sal die Here die heidene roep.

LES 63 - DIE GENESING VAN DIE TIEN MELAATSE

(Lukas 11 : 11-19)

1. Hoeveel melaatse manne het eenkeer vir Jesus tegemoet gegaan?
   Tien.
2. Waarom was hulle buitekant die dorp?
   Melaatse mense moes buitekant die dorp, weg van die ander mense, gebly het.
3. Wat het hulle vir Jesus gevra?
   Jesus moet hulle gesond maak.
4. Wat het Hy vir hulle gesê?
   Hulle moet na die priesters toe gaan.
5. Waarom stuur Hy hulle na die priesters toe?
   Die priesters moes sê of hulle gesond is of nie.
6. Was hulle dan gesond?
   Nee, hulle was nog siek.
7. Wanneer het hulle gesond geword?
   Op pad na die priester toe.
8. Wat het een van die tien gedoen toe hy sien dat hy gesond is?
   Hy het omgedraai en Jesus gaan bedank.
9. Wat het Jesus gevra toe die een man by Hom kom?
   Het tien nie gesond geword nie, waar is die nege?
10. Waar was die ander nege?
    Hulle het weggegaan sonder om dankie te gaan sê.
11. Wie was die een wat omgedraai het?
    'n Samaritaan.
12. Wat het Jesus vir hom gesê?
    Staan op en gaan; jou geloof het jou gered.

LES 64 - DIE RYK JONG MAN

(Matthéüs 19 : 16-30)

1. Wat het die ryk jongman vir die Here Jesus gevra?

   Goeie meester, watter goeie ding moet ek doen, dat ek in die hemel kan kom?

2. Wat het die Here hom geantwoord?

   Hy moet leef soos die tien gebooie sê.

3. Wat het die jongman gesê?

   Hy het al die dinge van jongs af gedoen. Wat moet hy nog doen?

4. Wat het die Here hierop geantwoord?

   Hy moet al sy besittings verkoop en die geld vir die armes gee.

5. Het hy dit gedoen?

   Nee, hy het hartseer weggegaan, want hy het baie besittings gehad.

6. Wat het die Here toe gesê?

   Ryk mense wat hulle goed so liefhet, sal nie in die hemel kom nie.

7. Wat vra die dissipels daarna vir die Here?

   Wie kan dan in die hemel kom.

8. Wat het die Here geantwoord?

   By mense is dit onmoontlik; maar by God is alle dinge moontlik.

LES 65 - DIE VOETWASSING

(Johannes 13 : 1-20)

1 Wie het die voete van die dissipels by die maaltyd gewas?

Die Here Jesus.

2 Was almal gewillig dat die Here Jesus hulle voete was?

Nee, Petrus wou dit nie toelaat nie.

3. Wat het die Here vir hom gesê?

As Ek jou nie was nie, het jy geen deel aan My nie.

4. Wat sê Petrus toe?

Here, nie net my voete nie maar ook die hande en die hoof.

5. Het die Here dit gedoen?

Nee, Hy het gesê: Hy wat klaar gewas is, het niks anders nodig as om die voete te was nie.

6. Wat het die Here vir die dissipels gesê toe Hy hulle voete klaar gewas het?

Hy het gesê: Ek het julle 'n voorbeeld gegee om ook so te doen, net soos Ek aan julle gedoen het.

7. Wat is die voorbeeld?

Om mekaar se voete te was, dit is om nederig te wees.

8. Het die Here geweet wie Hom sou verraai?

Ja, Hy het dit geweet.

9. Wie was dit?

Judas Iskariot, een van sy dissipels.

LES 66 - DIE T1EN JONG ME1SIES

(Matthéüs 25 : 1-12)

1. Watter gelykenis het die Here van die tien jong meisies vertel?

   Hulle het lampe geneem en uitgegaan om die bruidegom te ontmoet.

2. Was dit tien verstandige jong meisies?

   Nee, vyf was verstandig en vyf was onverstandig.

3. Wat het die vyf onverstandige meisies gedoen?

   Hulle het net die lampe geneem met die olie wat daarin was.

4. Wat het die vyf verstandige meisies gedoen?

   Hulle het hulle lampe geneem en nog ander olie ook.

5. Wat het gebeur toe hulle vir die bruidegom moes wag?

   Hulle het vaak geword en aan die slaap geraak.

6. Wat het middernag gebeur?

   Daar was 'n geroep: Die bruidegom kom.

7. Wat het die tien jong meisies toe gedoen?

   Hulle het opgestaan en hulle lampe reggemaak.

8. Wat kom die onverstandige meisies toe agter?

   Hulle olie is gedaan.

9. By wie gaan vra hulle olie?

   By die verstandige meisies.

10. Wat sê die verstandige meisies?

    Miskien is daar nie genoeg vir ons en julle nie. Gaan liewer na die verkopers en koop vir julle self.

11. Wat het gebeur toe hulle weg was?

    Toe het die bruidegom gekom; die mense wat daar was, het saam met hom ingegaan, en die deur is gesluit.

12. Wat vra die onverstandige meisies toe hulle terugkom?

    Meneer, meneer, maak vir ons oop.

13. Wat antwoord die bruidegom?

    Ek ken julle nie.

14. Wat leer die gelykenis ons?

    Ons moet die Here enige tyd verwag.

LES 67 - DIE APOSTELS IN DIE TRONK

(Handelinge 5 : 11-33)

1. Wat het die hoëpriester met die apostels laat doen?

   Hy het hulle in die tronk laat sit.

2. Wat het in die nag met die apostels gebeur?

   'n Engel het die deure van die tronk oopgemaak en hulle uitgelei.

3. Wat het die engel vir hulle gesê?

   Hulle moet in die tempel vir die mense gaan preek van die genade van die Here Jesus.

4. Wat het die hoëpriester die volgende môre gedoen?

   Hy het gestuur om die apostels uit die tronk te laat haal.

5. Het hulle die apostels in die tronk gekry?

   Nee, die deure was toegesluit en die wagters het voor die deure gestaan, maar die apostels was nie daar nie.

6. Wat het iemand toe van die apostels kom se?

   Hulle staan in die tempel en leer die volk.

7. Wat het hulle toe met die apostels gedoen?

   Hulle het hulle voor die Joodse Raad gebring.

8. Wat het die hoëpriester hulle gevra?

   Het ons julle nie uitdruklik verbied om in die Naam van Jesus te preek nie?

9. Wat het die apostels geantwoord?

   Ons moet God meer gehoorsaam wees as die mense.

10. Wat het die apostels gepreek?

    God het Jesus lewendig gemaak wat hulle gekruisig het.

11. Het die Jode toe in die Here Jesus geglo?

    Nee, hulle was woedend en wou die apostels doodmaak.

LES 68 - FILIPPUS EN DIE KAMERLING

(Handelinge 8 : 26-40)

1. Wat het 'n engel vir Filippus gesê?

   Hy moet na 'n eensame pad gaan.

2. Was Filippus gehoorsaam?

   Ja, hy het gegaan.

3. Wie het hy daar gekry?

   'n Man wat op 'n wa ry en in die boek van die profeet Jesaja lees.

4. Wat het Filippus gedoen?

   Hy het na die wa toe gegaan en vir die man gevra: Verstaan jy wat jy lees?

5. Wat antwoord die man?

   Hoe kan ek verstaan as niemand dit vir my verduidelik nie?

6. Wat het Filippus toe gedoen?

   Hy het vir hom duidelik gemaak dat Jesaja van die Here Jesus geskrywe het.

7. Wat sê die man toe hulle by water kom?

   Daar is water; waarom kan ek nie gedoop word nie? .

8. Wat sê Filippus vir hom?

   As jy met jou hele hart glo, is dit goed.

9. Wat sê die man vir Filippus?

   Ek glo dat die Here Jesus die Seun van God is.

10. Wat het Filippus gedoen?

    Hy het die man gedoop.

11. Wat het die Gees daarna met Filippus gedoen?

    Hy het hom skielik weggeneem.

Les 69 - CORNELIUS

(Handelinge 10)

1. Wie was Cornelius?

   Hy was 'n kaptein in die leër.

2. Hoe 'n man was hy?

   Hy en sy hele huis was vroom en het baie aalmoese vir die volk gegee en hy het altyd gebid.

3. Vir wie het die Here na hom gestuur?

   'n Engel.

4. Wat het die engel vir hom gesê?

   Die Here weet van sy aalmoese en gebede.

5. Vir wie moes Cornelius laat haal?

   Vir Petrus.

6. Wat het die Here vir Petrus laat sien?

   Iets soos 'n laken wat uit die hemel afdaal.

7. Wat was in die laken?

   Al die viervoetige diere van die aarde en wilde en kruipende diere en voëls.

8. Wat het 'n stem vir hom gesê?

   Staan op, Petrus, slag en eet.

9. Wat het Petrus geantwoord?

   Nooit nie, Here, want ek het nooit iets onheiligs of onreins geëet nie.

10. Wat wou die Here vir Petrus met hierdie gesig leer?

    Dat hy ook vir die heidene moet gaan preek.

11. Wie was by Cornelius in die huis toe Petrus daar kom?

    Sy familie en besondere vriende.

12. Wat het Petrus daar gedoen?

    Hy het vir hulle gepreek, en die Heilige Gees het op hulle gekom.

Les 70 - DIE SKEPPING

(Genesis 1)

1. Wie het die hemel en die aarde geskape?
   God.
2. In hoeveel dae het God alles geskape?
   In ses dae.
3. Wat het God op die eerste dag geskape?
   Die lig.
4. Op die tweede dag?
   Die lug en die wolke.
5. Op die derde dag?
   Die see en die land, die bome en die plante.
6. Op die vierde dag?
   Die son, maan en sterre.
7. Op die vyfde dag?
   Die visse en die voëls.
8. Op die sesde dag?
   Die landdiere en die mens.
9. Wat het God op die sewende dag gedoen?
   Hy het gerus.
10. Hoe was alles wat die Here gemaak het?
    Die Here het alles baie goed gemaak.

Les 71 - DIE TORING VAN BABEL

(Genesis 11)

1. Hoeveel tale het die mense eers gepraat?

   Net een taal.

2. Wat wou die mense bou?

   'n Stad met 'n toring wat aan die hemel raak.

3. Waarom wou die mense vir hulle daardie stad bou?

   Om vir hulle 'n naam te maak en om bymekaar te bly.

4. Was dit dan verkeerd?

   Ja, want die Here het gesê hulle moet op die hele aarde woon.

5. Wat het die Here toe gedoen?

   Die Here het hulle taal verwar, sodat die een die ander nie kon verstaan nie.

6. Wat het toe gebeur?

   Hulle het opgehou om te bou en het van mekaar af weggetrek.

7. Wat het hulle daardie plek genoem?

   Babel.

8. Waar het hulle gaan bly?

   Op ander plekke op die aarde.

Les 72 - ABRAHAM, SODOM EN GOMORRA

(Genesis 18 en 19:29)

1. Wie het ook by Abraham gebly?
   Sy neef Lot.
2. Waarom het hulle later besluit om uitmekaar te gaan?
   Hulle veewagters het getwis oor die veld en water.
3. Waar het Lot gaan woon?
   By Sodom.
4. Hoe was die inwoners van Sodom en Gomorra?
   Hulle het baie sonde gedoen.
5. Wat wou die Here met hulle doen?
   Die Here wou hulle en hulle stede met vuur verbrand.
6. Vir wie het die Here gesê dat Hy dit gaan doen?
   Vir Abraham.
7. Wat het Abraham toe gedoen?
   Hy het gebid dat die Here hulle moet spaar as daar vyftig regverdiges is.
8. Ter wille van hoeveel regverdiges sou die Here die stede nog spaar?
   Ter wille van tien regverdiges.
9. Was daar soveel regverdiges?
   Nee, daar was net drie.
10. Hoe het die Here die stede verbrand?
    Die Here het vuur en swawel oor Sodom en Gomorra laat reën.
11. Het Lot en sy huisgesin ook verbrand?
    Nee, engele het hulle uitgelei.
12. Wat het die engele vir hulle gesê?
    Hulle moenie omkyk nie.
13. Wie van hulle het omgekyk?
    Lot se vrou.
14. Wat het met haar gebeur?
    Sy het in 'n soutpilaar verander.
15. Wat het met Lot en sy twee dogters gebeur?
    Hulle is toegelaat om na Soar te vlug.

Les 73 - JAKOB BY PNIËL

(Genesis 32:22-32)

1. Hoe lank het Jakob by Laban gebly?
   Twintig jaar.
2. Wat het Laban hom betaal?
   Jakob moes sewe jaar werk vir Lea en nog sewe jaar vir Ragal en ses jaar vir vee.
3. Het Jakob baie vee gehad?
   Ja, hy was ryk.
4. Wie het vir Jakob gesê om weg te gaan van Laban af ?
   Die Here.
5. Was Jakob bly om terug te gaan?
   Nee, hy was nog bang vir Esau.
6. Waar het Jakob een nag oorgebly?
   By die spruit Jabbok.
7. Wat het Jakob daar gedoen?
   Hy het al sy mense en sy vee laat deurtrek en hy het alleen anderkant gebly.
8. Wat het die nag daar met Jakob gebeur?
   'n Man het met hom geworstel tot dagbreek.
9. Wat het die Man met Jakob gedoen?
   Hy het hom op sy heupbeen geslaan sodat hy mank geloop het.
10. Wat het die Man vir Jakob gesê?
    Laat My gaan, want die dag het gebreek.
11. Wat het Jakob gesê?
    Hy sal Hom nie laat gaan as Hy hom nie seën nie.
12. Hoe het die Man Jakob se naam verander?
    Sy naam sal nou Israel wees.
13. Wie was die Man wat met Jakob geworstel het?
    Dit was die Here.
14. Hoe het Jakob daardie plek genoem?
    Pniël.
15. Waarom?
    Hy het die Here gesien en bly lewe.

Les 74 - Josef en sy broers

(Genesis 45)

1. Wat het Farao gedroom?

   Uit die Nyl het sewe vet koeie en sewe lelike maer koeie gekom, wat die sewe vettes opgeëet en nog maer gebly het.

2. Wat was Farao se ander droom?

   Daar was sewe mooi vet are en sewe maer are, en die sewe maer are het die vettes ingesluk.

3. Wat beteken die drome?

   Die Here sê vir Farao dat daar eers sewe volop jare sal wees en daarna sewe jaar van hongersnood.

4. Wat het Farao met Josef gedoen?

   Hy het hom onderkoning van Egipte gemaak.

5. Wat het Josef in die sewe volop jare gedoen?

   Hy het groot skure laat bou en baie koring daarin gebêre.

6. Wat het gebeur toe die jare van hongersnood gekom het?

   Die mense het in Egipte gaan koring koop.

7. Wie het ook daar koring gaan koop?

   Josef se broers.

8. Het hy hulle geken?

   Ja, maar hulle het hom nie geken nie.

9. Wat het hy vir hulle gevra?

   Of hulle vader nog lewe en of hulle nog broers het.

10. Wat het hulle geantwoord?

    Hulle vader lewe en hulle jongste broer is by hulle vader; een broer is dood.

11. Wie het hy agtergehou?

    Vir Simeon.

12. Waarom?

    Hy het gesê hulle moet hulle ander broer bring, dan sal hy Simeon loslaat.

13. Wou Jakob vir Benjamin laat saamgaan?

    Nee.

14. In wie se sak het hulle Josef se beker gekry?

    In Benjamin se sak.

15. Het Josef vir sy broers gesê wie hy is?

    Ja.

16. Wat het Josef met Jakob gedoen?

    Hy het sy vader met sy hele familie laat haal om in Egipte te bly.

Les 75 - DIE PLAE (I)

(Exodus 7 en 8)

1. Wat het Moses en Aäron vir Farao gaan sê?

   Hy moes die Israeliete laat trek dat hulle vir die Here 'n fees in die woestyn kon hou.

2. Was Farao gewillig om dit te doen?

   Nee, hy het gesê: Wie is die Here na wie se stem ek moet luister?

3. Wat het Farao toe gedoen?

   Die Israeliete moet nog dieselfde hoeveelheid bakstene maak as vantevore, maar hulle moet nou self die strooi bymekaarmaak.

4. As hulle dit nie kon doen nie, wat dan?

   Dan is die opsigters geslaan.

5. Wat het Farao gesê as hulle by hom gaan kla het?

   Lui is julle, lui.

6. Watter teken het Moses en Aaron voor Farao gedoen?

   Aäron het sy staf op die grond gegooi, en dit het in 'n slang verander.

7. Kon Farao se towenaars dit ook doen?

   Ja, hulle stawe het ook in slange verander, maar Aäron se staf het hulle stawe opgeëet.

8. Waarmee het die Here Farao se harde hart verbreek?

   Met die tien plae.

9. Wat was die eerste plaag?

   Water het in bloed verander.

10. Die tweede plaag?

    Paddas oor die hele land.

11. Die derde?

    Stof het muskiete geword.

12. Kon Farao se towenaars dit ook doen?

    Die eerste twee plae kon hulle doen, maar nie die derde nie.

13. Wat het hulle toe gesê?

    Dit is die vinger van God.

14. Wou Farao daarna al luister?

    Nee, sy hart was nog hard.

15. Wat was die vierde plaag?

    Steekvlieë. (Behalwe in Gosen)

LES 76 - DIE PLAE (II)

(Exodus 9-11)

1. Wat was die vyfde plaag?

   Pes onder die vee.

2. En die sesde?

   Swere aan mense en diere.

3. Die sewende?

   Hael.

4. Die agtste?

   Die sprinkane.

5. Die negende?

   Drie dae lank duisternis.

6. Die tiende?

   Al die eersgeborenes in Egipteland sterwe.

7. Het daar van die eersgeborenes van die Israeliete ook gesterwe?

   Nee, nie een nie.

8. Watter teken moes aan die huise van die Israeliete wees?

   Daar moes bloed aan die kosyne van hulle huise se deure gesmeer word.

9. Watter fees het die Here vir Israel ingestel?

   Die Paasfees.

10. Hoe moes hulle dit vier?

    'n Jaaroud lam moes heel gebraai word. Dan moes hulle dit staan en eet met bitter sous en ongesuurde brode.

11. Wat het Farao in daardie nag van die tiende plaag vir Moses en Aaron gesê?

    Hulle moet wegtrek en die Here gaan dien, en hulle moet al hulle kleinvee en beeste saamneem.

12. Wat het hulle van die Egiptenaars geëis om saam te vat?

    Hulle het van die Egiptenaars silwergoed en goue goed en klere geëis.

13. Het hulle dit gekry?

    Ja.

14. Waarom het die Egiptenaars dit gegee?

    Dat die Israeliete kon wegtrek.

LES 77 - KWARTELS EN MANNA

(Exodus 16)

1. Waarna het die Israeliete op die trekpad verlang?
   Na die vleispotte en die brood wat hulle in Egipte gehad het.
2. Waar het hulle vleis in die woestyn gekry?
   Teen die aand het daar kwartels gekom wat hulle kon eet.
3. Waar het hulle brood vandaan gekry?
   Die Here het vir hulle brood uit die hemel gegee.
4. Hoe is die brood genoem?
   Manna.
5. Hoe het die gelyk?
   Dit was fyn wit korrels wat in die môre op die grond gelê het.
6. Hoe het dit gesmaak?
   Dit het soos heuningkoek gesmaak.
7. Hoeveel moes hulle elke môre optel?
   Soveel as elkeen op 'n dag eet.
8. Wat het van die manna geword wat hulle nie opgetel het nie?
   As die son warm word, het dit gesmelt.
9. Wat het gebeur as hulle meer optel as wat hulle nodig gehad het?
   Dit het bederwe; daar het wurms ingekom.
10. Was daar elke môre manna om op te tel?
    Nee, op die Sabbat was daar niks nie.
11. Waarom nie?
    Hulle moes nie op die Sabbat werk nie.
12. Waar het hulle toe kos gekry?
    Hulle moes op die vorige dag vir twee dae optel.
13. Het dit nie sleg geword nie?
    Nee, dit het nie bederwe nie.
14. Waarin het hulle manna gebêre dat hulle kinders dit kon sien?
    Hulle het 'n kruik vol manna voor die ark van die Here neergesit.
15. Hoe lank het hulle die manna geëet?
    Veertig jaar lank.

LES 78 - GOUE KALF

(Exodus 32 : 1-32)

1. Hoe lank was Moses op die berg Sinai?
   Veertig dae.
2. Was Aäron ook die hele tyd by Moses?
   Nee, hy het afgekom van die berg af.
3. Wat het die volk van Moses gesê?
   Hulle weet nie wat van hom geword het nie.
4. Wat het hulle vir Aäron gesê om te doen?
   Hy moet vir hulle gode maak.
5. Wat moes hulle vir Aäron bring?
   Goue ringe.
6. Wat het hy daarvan gemaak?
   'n Goue kalf.
7. Wat het hulle toe gedoen?
   Hulle het 'n groot fees gehou.
8. Waarom het die Here vir Moses afgestuur van die berg af?
   Om te gaan kyk wat aangaan.
9. Wat wou die Here met die Israeliete doen omdat hulle die goue kalf gemaak het?
   Hy wou hulle almal doodmaak en van Moses vir Hom 'n volk maak.
10. Wat het Moses gesê?
    Hy het gebid dat die Here dit nie moes doen nie.
11. Wat het gebeur toe Moses by die laer kom?
    Hy het die kliptafels stukkend gegooi en die goue kalf met vuur verbrand.
12. Wat het Moses vir Aaron gesê?
    Hy het die volk 'n groot sonde laat doen.
13. Hoe is die volk gestraf?
    Moses het omtrent drieduisend van hulle laat doodmaak.

LES 79 - DEUR DIE JORDAAN

(Josua 3 en 4)

1. Deur watter rivier moes die Israeliete gaan om in die land Kanaän te kom?

   Deur die Jordaan.

2. Wie was toe die leier van Israel?

   Josua.

3. Wat het dan van Moses geword?

   Hy het op die berg Nebo gesterwe.

4. Waarom kon hy nie in Kanaän intrek nie?

   Omdat hy ongehoorsaam aan die Here was.

5. Wat het hy gedoen?

   Die Here het gesê hy moet met die rots praat dat daar water uit kan kom, en hy het op die rots geslaan.

6. Hoe het die Israeliete deur die Jordaan getrek, wat baie vol was?

   Toe die voete van die priesters wat die verbondsark dra, aan die water raak, het die water padgegee.

7. Waar moes die priesters met die ark gaan staan?

   In die middel van die Jordaan.

8. Wat moes gedoen word op die plek waar die priesters in die rivier gestaan het?

   Met twaalf klippe moes hulle daar 'n monument oprig.

9. Waar moes hulle nog 'n monument oprig?

   Op die plek waar hulle daardie nag gaan slaap het.

10. Waarom moes die monument van twaalf klippe gemaak word?

    Omdat daar twaalf stamme was - een klip vir elke stam.

11. Wat moet hulle sê as hulle kinders eendag vir hulle vra wat daardie klippe beteken?

    Hulle moet sê dat hulle op droë grond deur die Jordaan getrek het.

12. Wanneer het die waters van die Jordaan na hulle plek teruggegaan?

    Net toe die voete van die priesters wat die ark gedra het, op die wal kom.

LES 80 - DEBORA

(Rigters 4)

1. Wie was Debora?

   Sy was 'n profetes wat oor Israel geregeer het.

2. Wat het sy vir Barak laat weet?

   Die Here sê hy moet teen koning Jabin gaan oorlog maak.

3. Wie was Jabin se generaal?

   Sisera.

4. Wat het Barak vir Debora gesê?

   Hy sal gaan oorlog maak as sy saamgaan.

5. Wat was Debora se antwoord?

   Sy sal saamgaan; maar 'n vrou sal die oorwinning behaal.

6. Wat het in die oorlog gebeur?

   Barak het gewen en Sísera het gevlug.

7. Waar het Sísera weggekruip?

   In die tent van 'n vrou, Jael.

8. Wat het Jael met Sísera gemaak?

   Toe hy slaap, het sy 'n pen deur sy kop geslaan.

9. Wat het Debora daarna gedoen?

   Sy het vir die Here 'n lofsang gesing.

LES 81 - GIDEON

(Rigters 7)

1. Wat het die Here vir Gideon gesê?

   Hy moet die Israeliete verlos uit die mag van die Midianiete.

2. Watter teken het Gideon vir die Here gevra?

   Dat die dou in die nag net op die wolvlies moet val en nie op die grond nie.

3. Wat het Gideon daarna vir die Here gevra?

   Dat die dou net op die grond moet val en nie op die vlies nie.

4. Hoeveel manskappe was by Gideon vir die oorlog?

   Twee-en-dertigduisend.

5. Wat het die Here van hulle gesê?

   Hulle is te veel; die wat bang is, moet huis toe gaan.

6. Hoeveel het daarna oorgebly?

   Tienduisend.

7. Wat moes Gideon met hulle doen?

   Hy moes hulle na die water toe vat.

8. Wat moes Gideon dan doen?

   Die wat op hulle knieë staan en drink, moet eenkant staan, en die wat die water met hul hand na hul mond bring, moet anderkant staan.

9. Hoeveel het die water met hul hand na hul mond gebring?

   Driehonderd.

10. Wat moes Gideon met hulle doen?

    Hy moes met hulle gaan oorlog maak.

11. Hoe het Gideon met hulle oorlog gemaak?

    Hy het hulle in drie dele verdeel en vir elke man 'n ramshoring en 'n leë kruik met 'n fakkel daarin gegee.

12. Wat het hulle toe gedoen?

    Hulle het in die nag van drie kante na die laer gegaan en op die ramshorings geblaas en die kruike stukkend geslaan.

13. Wat het die Midianiete gedoen?

    Hulle het geskrik en gevlug.

LES 82 - SAUL SE SONDE

(1 Samuel 15)

1. Wie was die eerste koning van Israel?

   Saul.

2. Wie het hom gesalf as koning?

   Samuel.

3. Wat het die Here vir Saul beveel in die oorlog teen die Amelekiete?

   Hy moet oorlog teen die Amelekiete maak en al die mense en diere doodmaak.

4. Het hy dit gedoen?

   Nee, maar hy het Agag, die koning, gespaar en die beste van die vee.

5. Wie het vir Samuel gesê wat Saul gedoen het?

   Die Here.

6. Wat het Saul gesê toe Samuel by hom gekom het?

   Hy het gedoen wat die Here gesê het.

7. Wat het Samuel vir Saul gevra?

   Watter geblêr van kleinvee en gebulk van beeste hoor hy?

8. Wat was Saul se antwoord?

   Hy en die manskappe het die beste kleinvee en beeste gespaar om vir die Here te offer.

9. Wat sê Samuel vir Saul?

   Om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer.

10. Hoe het die Here vir Saul gestraf oor sy sonde?

    Die Here het sy koningskap van hom weggeneem.

11. Wat het Saul gedoen toe Samuel omdraai om weg te gaan?

    Hy het die slip van Samuel se mantel gegryp en 'n stuk daarvan afgeskeur.

12. Wat sê Samuel vir Saul?

    Vandag het die Here die koningskap van hom afgeskeur en vir 'n ander gegee.

13. Wat het Samuel met Agag gedoen?

    Samuel het hom doodgemaak.

LES 83 - DAWID TEL DIE VOLK

(2 Samuel 24)

1. Waarom het Dawid die volk laat tel?
   Hy wou geweet het hoeveel mense dit is.
2. Waarom was dit sonde dat Dawid die volk laat tel het?
   Omdat hy hoogmoedig was op die groot getal.
3. Wie het hy gestuur om dit te doen?
   Vir Joab, sy hoofgeneraal.
4. Was Joab dadelik gewillig om dit te doen?
   Nee, hy wou nie, maar Dawid het aangehou dat hy dit moet doen.
5. Wat het die profeet vir Dawid gesê?
   Die Here sê Dawid moet een van drie dinge kies.
6. Wat was die drie dinge?
   Sewe jaar hongersnood of drie maande vlug voor sy vyande of drie dae pes.
7. Wat het Dawid gekies?
   Nie een van die drie dinge nie.
8. Wat het hy dan gedoen?
   Hy het gevra om in die hand van die Here te val.
9. Wat het die Here oor die land gestuur?
   Drie dae pes.
10. Hoeveel mense is dood?
    Sewentigduisend man.
11. Wat het Dawid gedoen toe hy sien daar gaan so baie manne dood?
    Hy het gebid.
12. Wat het die Here vir Dawid geantwoord?
    Hy moet vir die Here gaan offer.
13. Wou Dawid die dorsvloer van Arauna verniet hê?
    Hy het gesê hy wil nie verniet aan die Here offer nie.
14. Wat het gebeur toe Dawid geoffer het?
    Die Here het die plaag laat ophou.

LES 84 - ELIA EN ELISA

(2 Konings 2)

1. Wat het Elia vir Elisa in Gilgal gesê?

   Elisa moet daar agterbly, want die Here het vir Elia na Bet-el gestuur.

2. Wat was Elisa se antwoord?

   Hy gaan saam met Elia.

3. Wat het die profeteseuns vir Elisa gevra?

   Of hy weet dat die Here vir Elia gaan wegneem.

4. Het Elisa dit geweet?

   Ja.

5. Wou Elisa in Bet-el en Jerigo agterbly?

   Nee, hy wou nie agterbly nie, maar het saam met Elia gegaan.

6. Hoe het hulle deur die Jordaan gegaan?

   Elia het met sy mantel op die water geslaan, en die water het verdeel sodat hulle op droë grond deurgegaan het.

7. Wat het Elisa van Elia begeer?

   Dat 'n dubbel deel van Elia se gees op hom sal kom.

8. Wat het Elia geantwoord?

   As Elisa sien as hy weggeneem word, sal dit gebeur; anders nie.

9. Hoe is Elia opgeneem in die hemel?

   'n Wa van vuur en perde van vuur het Elia opgeneem na die hemel.

10. Wat het Elisa uitgeroep toe hy dit sien?

    My vader, my vader, wa van Israel en sy perderuiters.

11. Wat het Elisa van Elia opgetel?

    Sy mantel.

12. Wat het die profeteseuns vir Elisa gevra?

    Of hulle kan gaan soek of die Here Elia nie op 'n ander plek neergesit het nie,

13. Kon hulle Elia kry?

    Nee.

14. Hoe het Elisa die slegte water reggemaak?

    Hy het sout daarin gegooi.

15. Wat het klein seuntjies vir Elisa gesê?

    Hulle het met hom gespot en gesê: Gaan op, kaalkop! Gaan op, kaalkop.

16. Wat het met hulle gebeur?

    Twee bere het twee-en-veertig van hulle verskeur.

LES 85 - JONA

(Jona 1 en 2)

1. Wat het die Here vir Jona gesê?
   Hy moet in die groot stad Ninevé gaan preêk.
2. Was hy gewillig om te gaan?
   Nee, hy wou nie gaan nie maár het probeer vlug.
3. Hoe wou hy vlug?
   Hy het op 'n skip geklim.
4. Wat het op die see gebeur?
   Daar was 'n groot storm.
5. Wat het die manne op die skip met Jona gedoen?
   Hulle het hom in die see gegooi.
6. Het hy nie verdrink nie?
   Nee, 'n groot vis het hom ingesluk.
7. Het hy nie in die vis doodgegaan nie?
   Nee, die vis het hom na drie dae weer op die droë grond uitgespuug.
8. Wat het hy toe gedoen?
   Hy het in Ninevé gaan preek.
9. Wat het hy gepreek?
   As die mense hulle nie bekeer nie sal die stad oor veertig dae verwoes word.
10. Het die mense na Jona se preke geluister?
    Ja, hulle het geluister en hulle bekeer.
11. Wat het die Here toe met die stad gedoen?
    Hy het die stad nie verwoes nie.
12. Was Jona bly daaroor?
    Nee, hy was baie kwaad en het buitekant die stad gaan sit.
13. Wat het daar opgekom?
    'n Wonderboom, dat Jona in die skaduwee daarvan kon sit.
14. Wat het met die wonderboom gebeur?
    ‘n Wurm het aan die boom gevreet en dit het verdor.
15. Wat het Jona daarvan gesê?
    Hy was baie kwaad, want die son was vreeslik warm.
16. Wat het die Here vir Jona gevra?
    Waarom is hy kwaad; hy het niks aan die boom gedoen nie.
17. Wat het die Here vir Jona daarmee geleer?
    Dat hy nie moet kwaad wees omdat die Here Ninevé gespaar het nie.

LES 86 - JESUS AS KIND

(Lukas 2 : 41-52)

1. Wat het Josef en Maria elke jaar met paasfees gedoen?

   Hulle het Jerusalem toe gegaan en die Here Jesus saamgeneem.

2. Wat het gebeur toe die Here Jesus twaalf jaar oud was?

   Hy het in Jerusalem agtergebly toe sy ouers teruggegaan het.

3. Het Josef en Maria dit geweet?

   Nee, hulle het gedink Hy was by familie of bekendes wat ook teruggegaan het.

4. Wat het hulle gedoen toe hulle Hom nie kry nie?

   Hulle het omgedraai en Hom gaan soek.

5. Waar het hulle Hom gekry?

   In die tempel tussen die leraars.

6. Wat het Hy daar gedoen?

   Hy het na hulle gesit en luister en hulle uitgevra.

7. Wat het die mense van sy antwoord gesê?

   Hulle was verbaas dat hy soveel geweet het.

8. Wat het Maria vir Hom gesê?

   Kind, waarom het jy so met ons gemaak?

9. Wat het die Here Jesus geantwoord?

   Waarom het u My gesoek? Het u nie geweet dat ek met die dinge van my Vader besig moet wees nie?

10. Het Maria verstaan wat die Here Jesus vir haar sê?

    Nee.

11. Hoe was Hy teenoor sy ouers?

    Hy was aan hulle gehoorsaam.

12. Wat lees ons van Hom toe Hy groter geword het?

    Die mense het baie van Hom gedink.

LES 87 - JOHANNES DIE DOPER

(Matthéüs 3 : 1-12)

1. Wie was die voorloper van die Here Jesus?

   Johannes die Dopèr.

2. Wie was sy ouers?

   Sagaria en Elisabet.

3. Wat het hy gepreek?

   Bekeer julle, want die Here kom.

4. Wat het Johannes die Doper ook nog gedoen?

   Hy het die mense wat na hom toe gekom het, gedoop as hulle hulle sondes laat staan het.

5. Wie het ook na hom toe gekom om gedoop te word?

   Die Here Jesus.

6. Wat het gebeur toe die Here Jesus gedoop is?

   Die Heilige Gees het soos 'n duif op Hom neergedaal.

7. Wat het ook nog gebeur?

   Daar was 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.

8. Wat het Johannes vir twee van sy dissipels gesê toe hy Jesus gesien het?

   Kyk, die Lam van God.

9. Waarom is Johannes in die tronk gesit?

   Omdat hy die goewerneur Herodes oor sy sondes bestraf het.

10. Wat het Herodes dan gedoen?

    Hy het sy broer se vrou gevat en met haar getrou.

11. Hoe is Johannes dood?

    Herodes het sy kop laat afkap.

LES 88 - DIE WONDERLIKE VISVANGS

(Lukas 5 : 1-11)

1. Wie se skuitjies het Jesus eendag langs die kant van die see gesien lê?

   Die een skuitjie het aan Petrus en Andreas behoort en die ander een aan Johannes en Jakobus.

2. Wat het hulle gedoen toe Jesus daar gekom het?

   Hulle het die nette uitgespoel.

3. Waarom het hulle die nette uitgespoel?

   Hulle het die nette skoongemaak om hulle te bêre.

4. In wie se skuitjie het Jesus geklim?

   In Petrus s'n.

5. Wat het Jesus in die skuitjie gedoen?

   Hy het vir die mense gepreek wat op die strand gestaan het.

6. Wat sê Hy vir Petrus nadat Hy klaar gepreek het?

   Hy moet uitvaar na die diep water en die nette laat sak.

7. Wat het Petrus geantwoord?

   Hulle het die hele nag hard gewerk en niks gevang nie, maar omdat die Here so sê, sal hy dit doen.

8. Wat gebeur toe?

   Hulle het so baie vis gevang dat hulle net wou skeur.

9. Wat het Petrus vir die Here gesê?

   Gaan weg van my, Here, want ek is 'n sondige man.

10. Wat het Jesus vir Petrus geantwoord?

    Van nou af sal hy mense vang.

11. Wat beteken dit?

    Hulle sal vir mense preek, dan sal baie in Jesus glo.

12. Wat het Petrus en sy maats gedoen?

    Hulle het hulle skuitjies land toe gevat en Jesus gevolg.

LES 89 - JESUS SEËN DIE KINDERTJIES

(Markus 10 : 13-16)

1. Wat het moeders met hulle klein kindertjies gedoen?
   Hulle het hulle kindertjies na Jesus gebring.
2. Wat wou hulle hê moet Jesus doen?
   Sy hande op hulle lê en vir hulle bid.
3. Wat het die dissipels vir die moeders gesê?
   Hulle moet dit nie doen nie; hulle pla Jesus.
4. Wat het Jesus gesê?
   Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie.
5. Wat het Jesus met die kindertjies gedoen?
   Hy het sy arms om hulle gesit, sy hande op hulle gelê en hulle geseën.
6. Wat leer Jesus ons hiermee?
   Klein kindertjies het Hom ook nodig.
7. Wat moet die groot mense by die kindertjies leer?
   Hulle moet soos kindertjies word om in die hemel te gaan.
8. Hoe is kindertjies dan?
   Hulle kan niks vir hulle self doen nie; ander mense moet hulle help.

LES 90 - DIE DOGTERTJIE VAN JAÏRUS

(Markus 5 : 21-43)

1. Wat het Jaïrus vir die Here gevra?

   Kom lê die hande op my dogtertjie want sy is baie siek.

2. Wat het die Here gedoen?

   Hy het saam met Jaïrus gegaan.

3. Wie het die Here langs die pad opgehou?

   'n Vrou wat twaalf jaar lank siek was, het die Here aangeraak.

4. Wat vra die Here?

   Wie het My aangeraak?

5. Wat sê sy dissipels toe?

   Daar is so baie mense; hoe kan die Here vra wie het Hom aangeraak?

6. Wat het die vrou gedoen?

   Sy het voor die Here neergeval en Hom alles vertel.

7. Wat sê die Here vir haar?

   Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede en wees van jou kwaal genees.

8. Wat het die mense vir Jaïrus kom sê, terwyl die Here nog gepraat het?

   Hulle het gesê: U dogter is dood. Waarom val u die Meester nog lastig?

9. Wat het die Here vir Jaïrus gesê?

   Moenie vrees nie; glo net.

10. Wat het die Here vir die mense by die huis van Jaïrus gesê?

    Die kind is nie dood nie; sy slaap.

11. Het die mense dit geglo?

    Nee, hulle het die Here uitgelag.

12. Wat het die Here toe gedoen?

    Hy het die ander mense laat uitgaan en die vader en moeder en drie van sy dissipels saamgeneem na waar die kind gelê het.

13. Wat doen Hy met die dogtertjie?

    Hy vat haar hand en sê vir haar: Dogtertjie, Ek sê vir jou staan op.

14. Wat het die dogtertjie gedoen?

    Sy het dadelik opgestaan en begin rondloop.

15. Hoe oud was sy?

    Twaalf jaar.

LES 91 - DIE VERHEERLIKING OP DIE BERG

(Matthéüs 11 : 1-13)

1. Watter dissipels het die Here saam met Hom op die berg geneem?

   Petrus, Jakobus en Johannes.

2. Waar was die ander dissipels?

   Hulle het aan die voet van die berg gebly.

3. Wat het bo-op die berg gebeur?

   Die Here Jesus het anders geword. Sy gesig het geblink soos die son, en sy klere het wit geword soos die lig.

4. Wie het ook op die berg verskyn?

   Moses en Elia.

5. Wat wou Petrus doen?

   Hy wou drie hutte maak: een vir die Here, een vir Moses en een vir Elia,

6. Wat het gebeur toe hy nog praat?

   'n Helderligte wolk het oor hulle gekom.

7. Wat het die stem uit die wolk gesê?

   Dit is my geliefde Seun wat Ek liefhet. Luister na Hom.

8. Wat het die dissipels gedoen toe hulle die stem hoor?

   Hulle was bang en het op hulle gesig geval.

9. Wat sê die Here vir hulle?

   Staan op en moenie bang wees nie.

10. Wat sien hulle toe hulle hulle oë opslaan?

    Net die Here alleen.

11. Wat het die Here hulle beveel toe hulle van die berg afklim?

    Om vir niemand te sê wat hulle gesien het nie.

LES 92 - DIE GENESING VAN DIE MAANSIEKE KIND

(Matthéüs 17 : 14-23)

1. Wat het die vader van die maansieke kind vir Jesus gevra?

   Jesus moet hom help en sy kind gesond maak.

2. Wie kon die kind nie gesond maak nie?

   Die dissipels van Jesus.

3. Wat het die kind makeer?

   Hy was maansiek; dit is 'n soort siekte amper soos vallende siekte.

4. Wat het met die kind gebeur?

   Baie maal het hy in die vuur geval en baie maal in die water.

5. Hoe lank was die seun so?

   Van sy kindsdae af.

6. Wat het Jesus vir die vader gesê?

   Die vader moet die kind na Hom toe bring.

7. Wat het Jesus met die kind gedoen?

   Hy het die duiwel uitgedrywe en die kind het gesond geword.

8. Wat het die dissipels vir Jesus gevra?

   Waarom kon hulle hom nie gesond maak nie?

9. Wat het Jesus geantwoord?

   Deur hulle ongeloof kon hulle dit nie doen nie.

10. Wat kan die wat in Jesus glo doen?

    Vir hulle is niks onmoontlik nie.

LES 93 - DIE LANDBOUERS

(Lukas 20 : 9-18)

1. Wat het 'n man gedoen met 'n wingerd wat hy geplant het?

   Hy het dit aan landbouers verhuur.

2. Wat het hy met vrugtetyd gedoen?

   Hy het sy slaaf gestuur om van die vrugte te gaan haal.

3. Wat het die landbouers gedoen?

   Hulle het die slaaf geslaan en met leë hande weggestuur.

4. Wat het met die ander slaaf gebeur wat hy gestuur het?

   Hulle het hom ook geslaan en sleg behandel en met leë hande weggestuur.

5. Wat het hulle met die derde slaaf gedoen?

   Hulle het hom baie seer gemaak en weggejaag.

6. Vir wie het die baas toe gestuur?

   Sy seun.

7. Het hulle vir die seun van die vrugte gegee?

   Nee, hulle het gesê hy is die erfgenaam, as hulle hom doodmaak, kan hulle die wingerd kry.

8. Wat gaan die baas met sulke landbouers doen?

   Hy gaan hulle doodmaak en die wingerd vir ander gee.

9. Wie is die eienaar van die wingerd?

   Dit is die Here.

10. Wie is die landbouers?

    Dit is die mense op die aarde.

11. Wie is die seun?

    Dit is die Here Jesus, wat gekruisig is.

LES 94 - DIE TALENTE

(Matthéüs 25 : 14-30)

1. Hoeveel talente het 'n man aan sy slawe gegee?

   Vir een het hy vyf talente gegee, vir 'n ander twee en vir 'n ander een.

2. Wat was talente?

   Dit was geld.

3. Wat het die slaaf met die vyf talente gedoen?

   Hy het daarmee gaan werk en vyf ander talente bygekry.

4. Wat het die slaaf met die twee talente gedoen?

   Hy het ook daarmee gaan werk en nog twee verdien.

5. En die slaaf met die een talent?

   Hy het 'n gat in die grond gegrawe en die talent weggesteek.

6. Wat het die man met sy slawe gedoen toe hy teruggekom het?

   Hy het met hulle afgereken.

7. Wat het die slaaf gesê wat vyf gekry het?

   Meneer, ek het vyf talente gekry; hier is nog vyf by.

8. En die slaaf wat twee gekry het?

   Meneer, ek het twee talente gekry; hier is nog twee by.

9. Wat het die baas vir die twee slawe gesê?

   Mooi so, goeie en getroue slaaf.

10. Wat het die slaaf gesê wat die een talent gekry het?

    Meneer, ek ken u dat u 'n harde man is, wat maai waar u nie gesaai het nie.

11. Hoeveel talente het die slaaf teruggegee?

    Net die een wat hy gekry het.

12. Wat sê hy vir die slaaf?

    Jou slegte en lui slaaf, waarom het jy nie my geld in die bank gesit om rente te verdien nie?

13. Wat moet ons doen met die talente wat die Here vir ons gee?

    Ons moet daarmee werk.

LES 95 - INTOG IN JERUSALEM

(Matthéüs 21 : 1-11)

1. Wat het die Here vir twee van sy dissipels gesê toe hulle naby die dorpie Betfage kom?

   Hulle moet na die dorpie toe gaan.

2. Wat beteken die naam van die dorpie?

   Huis van groen vye.

3. Wat sal hulle daar kry?

   'n Eselin wat vasgemaak is met haar vul by haar.

4. Wat moet hulle dan doen?

   Hulle moet hom losmaak en vir die Here bring.

5. Wat moet hulle sê as iemand vra wat hulle maak?

   Die Here het hulle nodig.

6. Wat wil die Here met die eselin maak?

   Hy wil op haar ry.

7. Waarvan het die dissipels 'n saal gemaak?

   Van hulle klere.

8. Wat het die skare gedoen?

   Hulle het hulle klere op die pad gegooi en takke van die bome afgekap en op die pad gestrooi.

9. Waarom het hulle dit gedoen?

   Die Here is 'n Koning, en hulle het 'n tapyt gemaak waarop Hy kon ry.

10. Waarheen het Hy gery?

    Na Jerusalem, die stad van die koning.

11. Wat het hulle gesing?

    Hosanna vir die Seun van Dawid! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here. Hosanna in die hoogste hemele.

LES 96 - DIE MAALTYD IN BETANIË

(Johannes 12 : 1-8)

1. In wie se huis het die Here Jesus in Betanië gaan eet?

   In die huis van Simon, die melaatse.

2. Waarom word hy ook genoem die melaatse?

   Omdat hy vantevore die siekte gehad het.

3. Wie was ook daar by die maaltyd?

   Lasarus het saamgeëet, en Martha het gehelp om te bedien.

4. Wat het Maria gedoen?

   Sy het gekom met 'n albaste fles met baie kosbare nardussalf.

5. Wat het sy daarmee gedoen?

   Sy het die fles gebreek en die salf op die voete van die Here uitgegooi, en die hele huis is met die reuk vervul.

6. Wat het Judas en die ander dissipels gesê?

   Waarom word die salf so gemors? Dit kon duur verkoop word.

7. Wat kon met die geld gedoen word?

   Dit kon vir die armes gegee word.

8. Het Judas die armes baie liefgehad?

   Nee, hy was 'n dief en wou die geld steel.

9. Wat het die Here vir die dissipels gesê?

   Laat staan haar; sy het dit gedoen vir my begrafnis.

10. Wat sê die Here van die armes?

    Die armes het julle altyd by julle, maar My het julle nie altyd by julle nie.

11. Wat het die Here van Maria gesê?

    Oral waar van die Here Jesus gespreek word, sal ook vertel word wat sy gedoen het.

LES 97 - DIE VERLORE SEUN

(Lukas 15 : 11-32)

1. Waaroor handel die gelykenis van die verlore seun?

   Oor 'n man wat twee seuns gehad het.

2. Wat het die jongste vir sy vader gesê?

   Hy het gesê: Vader, gee my die deel van die eiendom wat my toekom.

3. Wat het die vader gedoen?

   Hy het dit vir die seun gegee.

4. Wat het die seun daarmee gedoen?

   Hy het na 'n ver land gegaan en al sy goed deurgebring.

5. En toe?

   Hy het begin gebrek ly.

6. Wat het hy daarna gedoen?

   Hy het hom aan een van die burgers van die land verhuur.

7. Het dit toe beter met hom gegaan?

   Nee, hy het honger gekry en verlang om die peule te eet wat die varke eet.

8. Het hy dit gekry?

   Nee, hy het dit nie gekry nie.

9. Wat het hy gedoen?

   Hy het teruggegaan na sy vader.

10. Wat het die vader gedoen?

    Die vader het hom gesien toe hy nog ver aankom en na hom gehardloop en hom gesoen.

11. Wat sê die seun vir sy vader?

    Vader, ek het sonde gedoen en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie.

12. Wat sê die vader?

    Hulle moet vir hom die beste klere bring en 'n ring en skoene.

13. Wat het hulle nog meer gedoen?

    'n Vetgemaakte kalf is geslag, en hulle was vrolik.

14. Wat het die vader gesê?

    Hierdie seun van my was dood en het weer lewendig geword; hy was verlore en is gevind.

15. Wat het die oudste seun gedoen?

    Hy het by sy vader gebly.

16. Was hy bly toe sy broer teruggekom het?

    Nee, hy was kwaad.

17. Wat het hy gesê?

    Hy het gesê hy het sy vader baie jare gedien en sy vader het hom nooït eens 'n bokkie gegee sodat hy saam met sy vriende bly kon wees nie.

18. Wat het die vader hom geantwoord?

    Kind, jy is altyd by my, en al wat myne is, is joue.

LES 98 - VERSKYNINGE

(Johannes 19 : 19-31)

1. Hoe lank na die opstanding het die Here nog op die aarde gebly?
   Veertig dae.
2. Wie het die Here eerste gesien na sy opstanding?
   Maria Magdalena.
3. Wat moes sy vir die ander dissipels gaan sê?
   Die Here lewe.
4. Het hulle dit geglo?
   Nee, hulle wou dit glad nie glo nie.
5. Wanneer het hulle dit geglo?
   Toe hulle die Here ook gesien het.
6. Aan wie het die Here ook nog verskyn?
   Aan Petrus en aan die ander dissipels.
7. Wie wou glad nie glo dat die Here opgestaan het nie?
   Thomas.
8. Wat het die Here vir hom gesê?
   Bring jou vinger hier, en kyk na my hande; en bring jou hand en steek dit in my sy.
9. Het hy toe geglo?
   Ja.
10. Wat sê die Here toe vir hom?
    Salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het.
11. Waarom het die Here nog veertig dae na die op standing op die aarde gebly?
    Dat die mense Hom kan sien en glo dat Hy lewe.

LES 99 - DIE GENESING VAN DIE KREUPELGEBORE MAN

(Handelinge 3)

1. Vir wie het Petrus en Johannes een middag by die tempel gesien?
   'n Man wat kreupel was van sy geboorte af.
2. Hoe het hy by die tempel gekom?
   Ander mense het hom aangedra.
3. Wat het hy daar by die tempel gemaak?
   Hy het 'n aalmoes gevra van die mense wat in die tempel gaan.
4. Wat beteken dit om 'n aalmoes te vra?
   Dit is om te bedel.
5. Wat het Petrus vir hom gesê?
   Kyk na ons.
6. Wat het die man toe gedink?
   Dat Petrus en Johannes vir hom iets sou gee.
7. Wat het Petrus gesê?
   Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het, dit gee ek vir jou.
8. Wat het Petrus vir hom gegée?
   Hy het gesê: In die Naam van Jesus Christus, staan op en loop.
9. Wat het toe met die man gebeur?
   Hy het opgespring, gestaan en rondgeloop.
10. Waarheen het hy gegaan?
    Hy het saam met Petrus en Johannes in die tempel gegaan en God geprys.
11. Wat het die ander mense daarvan gedink?
    Hulle het hulle verwonder oor wat met die man gebeur het.
12. Hoe het Petrus vir hulle gesê, wie het die man gesond gemaak?
    Die Here Jesus, wat deur die Jode gekruisig is.
13. Wat het Petrus vir hulle gepreek?
    Dat hulle hulle sonde moet laat staan.

LES 100 - STÉFANUS

(Handelinge 6 : 8-15; 7 : *52-60)*

1. Wie was Stéfanus?

   Hy was een van die sewe diakens.

2. Hoe 'n man was hy?

   Vol geloof en krag en baie slim.

3. Hoe het dit gegaan as ander met hom redeneer?

   Hy was vir hulle te slim.

4. Wat het die Jode met hom gedoen?

   Hulle het hom voor die Joodse Raad beskuldig.

5. Hoe het sy gesig geword toe die Jode hom vals beskuldig het voor die Raad?

   Sy gesig was soos die gesig van 'n engel.

6. Wat het die Jode gedoen toe hy voor die Joodse Raad gepreek het?

   Hulle was woedend en het op hulle tande gekners.

7. Wat het Stéfanus na sy preek gesê?

   Daar sien ek die hemele oopgemaak.

8. Wie het hy ook nog gesien?

   Jesus, wat aan die regterhand van God staan.

9. Het die Jode toe na hom geluister?

   Nee, hulle het hulle ore toegestop en hom stormgeloop.

10. Wat het hulle met hom gedoen?

    Hulle het hom buitekant die stad gebring en hom met klippe doodgegooi.

11. Wat het Stéfanus gesê tpe hulle hom dood gooi?

    Here Jesus ontvang my gees.

12. Wat het hy gebid toe hy sterwe?

    Here, vergewe hulle hierdie sonde

LES 101 - DIE BEKERING VAN PAULUS

(Handelinge 9 : 1-19)

1. Wat het Paulus met die dissipels van die Here gedoen?
   Hy het hulle vervolg.
2. Waarheen het hy ook gegaan om dissipels te vang?
   Na Damaskus.
3. Wat het naby Damaskus gebeur?
   Skielik het 'n lig van die hemel af hom omstraal en hy het op die grond geval.
4. Wat het die stem vir hom gevra?
   Saul, Saul, waarom vervolg jy My?
5. Wie is dit wat met Paulus gepraat het?
   Die Here Jesus.
6. Wat het Paulus vir die Here gesê?
   Here, wat wil U hê dat ek moet doen?
7. Kon Paulus sien toe hy van die grond af opstaan?
   Nee, hy kon nie sien nie, al was sy oë oop.
8. Hoe lank het Paulus nie geëet en gedrink nie?
   Drie dae.
9. Vir wie het die Here na Paulus gestuur?
   Vir Ananias wat in Damaskus gewoon het.
10. Wou Ananias dadelik gaan?
    Nee, want hy was bang omdat Paulus die dissipels vervolg.
11. Wat sê die Here vir Ananias?
    Hy moet na Reguitstraat gaan; daar sal hy vir Paulus kry.
12. Wat het die Here nog van Paulus gesê?
    Kyk, hy bid.
13. Wat het van Paulus se oë afgeval?
    Iets soos skille, en toe kon hy weer sien.
14. Het Paulus toe nog die gelowiges vervolg?
    Nee, hy was self 'n gelowige.
15. Waarvoor wou die Here Paulus gebruik?
    Om vir die heidene te preek.

LES 102 - DIE TRONKBEWAARDER VAN FILIPPI

(Handelinge 16 : 14-34)

1. Wie het in Filippi agter Paulus en Silas aangeloop?
   'n Slavin met 'n waarsêende gees.
2. Wat het sy van Paulus en Silas gesê?
   Hulle is dienaars van God.
3. Wat het gebeur nadat Paulus daardie gees uit haar gedrywe het?
   Haar base het hulle gevang en voor die regters gebring.
4. Wat het die regters met Paulus en Silas laat doen?
   Hulle met stokke laat slaan en in die tronk gesit.
5. Wat het die tronkbewaarder met hulle gedoen?
   Hy het hulle voete in 'n blok vasgemaak.
6. Wat het Paulus en Silas middernag gedoen?
   Hulle het gebid en lofliedere gesing.
7. Wat het die nag gebeur?
   Daar het 'n groot aardbewing gekom en die tronkdeure het oopgegaan.
8. Wat wou die tronkbewaarder doen toe hy sien die tronkdeure is oop?
   Hy wou homself doodmaak.
9. Wat het Paulus vir hom gesê?
   Hy moet dit nie doen nie, want almal is in die tronk.
10. Wat vra hy vir Paulus-hulle?
    Wat moet ek doen om salig te word?
11. Wat het Paulus hom geantwoord?
    Hy moet in die Here Jesus glo.
12. Wat het Paulus vir hom gedoen?
    Hulle het vir hom gepreek en hom gedoop.
13. Wat het hy vir Paulus en Silas gedoen?
    Hy het hulle wonde gewas en vir hulle kos gegee.

LES 103 - HEMELVAART

(Handelinge 1 : 1-14)

1. Hoe lank het die Here na die opstanding uit die dood nog op die aarde gebly?

   Veertig dae.

2. Hoe is Hy opgeneem in die hemel?

   'n Wolk het Hom opgeneem.

3. Waarvandaan is Hy opgeneem?

   Van die Olyfberg af.

4. Wat het die Here gedoen terwyl Hy opgeneem is?

   Hy het sy hande uitgestrek en sy dissipels geseën.

5. Wie het gesien toe Hy opgeneem is?

   Sy dissipels het gestaan en kyk toe Hy weggaan.

6. Wie het na hulle toe gekom?

   Twee engele in wit klere.

7. Wat het die engele vir die dissipels gesê?

   Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.

8. Waarheen het die dissipels gegaan nadat die Here in die hemel opgeneem is?

   Hulle het omgedraai en Jerusalem toe gegaan.

9. Wat het hulle daar gedoen?

   Hulle was daar bymekaar en het gebid.

10. Wie was ook by die dissipels?

    'n Aantal vroue en Maria, die moeder van Jesus.

LES 104 - PINKSTER

(Handelinge 2)

1. Hoe lank na die hemelvaart is die Heilige Gees uitgestort?

   Tien dae.

2. Wat het die dissipels gehoor met die uitstorting van die Heilige Gees?

   Geluid soos van 'n geweldige rukwind.

3. Wat het hulle gesien?

   Tonge soos van vuur op elkeen se kop.

4. Wat het die dissipels gedoen toe hulle met die Heilige Gees vervul is?

   Hulle het in ander tale gepraat.

5. Wat het party van die mense wat daar saamgestroom het gesê?

   Is almal dan nie Galileërs nie? Hoe hoor ons hulle elkeen in ons eie taal?

6. Het die mense verstaan wat daar gebeur?

   Nee, hulle was verbaas en het gevra: Wat kan dit tog wees?

7. Waaroor het die dissipels in die ander tale gepraat?

   Oor die groot dade van God.

8. Wat het die spotters gesê?

   Hulle is dronk.

9. Kon die dissipels dronk gewees het?

   Nee, want dit was nege-uur in die môre en op daardie tyd van die dag was geen mens dronk nie.

10. Wie het daar begin preek?

    Petrus.

11. Wat het hy gepreek?

    Hy het vir die mense vertel wat dit alles beteken.

12. Hoeveel mense het op die dag in die Here geglo?

    Omtrent drie duisend.